3·85

MATIELAND

Hulle is gedurig by hulle kliënte op kantoor.
Want ons het gevind dat dit beter is om met 'n korporatiewe kliënt in sy eie kantoor te onderhandel om ten beste aan sy komplekse finansiële behoeftes te voldoen.

Verwantskappe ontwikkel meer natuurlik en daar word vinniger vordering gemaak. Dit is ons strategie om ons korporatiewe finansiële adviseurs in verskillende spesialisrigtings in te deel en hulle dan intensiewe opleiding in daardie besondere rigting te gee.

Daar is ook voordele verbonde aan die feit dat ons die kleinste van die groot Vyf in die bankwese is. Ons is buigsaam en in 'n posisie om vinnig te reageer, want besluite loop vinnig deur die rangordes.

As u meer inligting wil hê oor ons Binnelandse Korporatiewe Bankdienste, Internasionale Bankdienste, Korporatiewe Finansiering of Projekfinansiering, tree met u plaaslike Trust Bank-bestuurder in verbinding. Ons bring ons kundigheid na u kantoor.

TRUST BANK

Vir persoonlike aandag

Geregistreerde Handelsbank

Inhoud

3·85
Jaargang 29 MATIELAND

Redaksioneel 3
Fokus op 3
Direkteur van Navorsing maan oor berigte 4
Nagraadse studentetal 2e hoogste in SA 4
US bestee miljoene 5
WNNR verwerp insinuasies 5
Daar's oral hoë agting vir dié US-navorsing 6
Intus bereik baie in tien jaar 8
Transvaalse Maties kan goedkoper vlieg 9
Acáma maak naam met US-Koor 11
Oostenrykers vereer Richard Behrens 12
Unieke materiaal lok Wes-Duitse navorser 13
58 werk 2 075 jaar by US 14
Bevorder en aangestel 15
Oud-Matie een van die wêreld se grootste wingerdboere 16
Navorsing help SA se 'tonnelboere' 17
Veertig persent meer vir beurse 18
Ken dié geboue uit 19
Bemakings help US en behoeftige studente 20
Mikrovermouter vir beter bier 21
Oud-Maties volop by reuse-welsynsdiens 22
Reünies in Natal 23
Dié begaafde man kon diep spore getrap het 24
Van ons donateurs 25
Diamante op die gholfbaan 26
In memoriam 28
Briewe van die lesers 30
1928-Intervarsity se dirigent nog fiks op 84 31
Dit was ander dae 32
Hokkiespan SA se beste 33
Maties se eerste netbal-Bok 34
Klub spog met baie prestasies 34
Curriebeker eintlik 'Maties' s'n 36

Voorblad: *Altesaam 41 universiteitsgeboue — meer as die helfte van die US se ongeveer 70 belangrikste geboue op Stellenbosch — kan duidelik herken word op dié onlangse lugfoto van die sentrale kampus. Dit is van die westekant af geneem, met die Jan Marais-plein in die middel, Merrimanlaan links en Victoriastraat met sy groen boomlanings regs. Op bl. 19 is 'n genommerde sketsplan met die name van die geboue op die foto.*

Foto: Colin Edwards



Intus presteer bl. 8

2 075 jaar bl. 14

'Tonnelboere' bl. 17

Netbal-Bok bl. 34

Redakteur: Hans Oosthuizen
Assistent: Willie Louw

Redaksiekantoor:
Departement Ontwikkeling
Universiteit van Stellenbosch
7600 Stellenbosch
Tel. (02231) 77633; 77639
Teleks: 5720383

Matieland *word drie keer per jaar uitgegee vir oud-studente en donateurs van die Universiteit van Stellenbosch.*

Gedruk deur Creda Pers (Edms) Bpk
Solanweg, Kaapstad

"EK IS SO TROTS

Gradedag was 'n dag wat ek altyd sal onthou.

Ons het gewonder hoe ons die kinders deur universiteit gaan kry, want universiteitsopleiding is ontsettend duur. Ek het vir my man gesê: "Hier moet ons 'n plan maak." En hy het — hy's reguit na Boland Bank. . . Glo my vry — hulle

Doelwitspaarplan, verder versterk deur boedelbeplanning en versekering in te sluit, het die knoop vir ons deurgehak. *En kyk nou!!* Daarom will ek met my hele hart Boland bedank — Boland Bank."

EN VIR U DROME, U TOEKOMS, WIE GAAN U BEDANK?

BOLAND BANK

BOLAND BANK BPK. GEREGISTREERDE ALGEMENE BANK

HEDLEY BYRNE NATIONAL 8453

REDAKSIONEEL

PERSPEKTIEF OP U.S.-BYDRAE

By monde van sy President het die WNNR hom sterk gedistansieer van koerantberigte wat die indruk probeer skep het dat daar aan Afrikaanse universiteite (onder meer die US) swakker gehalte navorsing as by die Engelse universiteite gelewer word. Daarby het die Universiteit se Direkteur van Navorsing gemaan teen algemene gevolgtrekkings oor elke universiteit se gehalte (veral wat navorsing betref). Laasgenoemde bepleit behoorlike perspektief in dié verband en wys tereg op belangrike aspekte wat hier in ag geneem moet word.

Onderrig is inderdaad 'n universiteit se belangrikste taak. Al word navorsing hoe belangrik geag, is die opleiding en onderrig van studente 'n universiteit se primêre bestaansrede. Die US het in dié opsig 'n goeie rekord — een van Suid-Afrika se bestes. Dié onderrigrekord, soos weerspieël deur die relatief lae druipsyfer, kan deels toegeskryf word aan die hoë gehalte van die studentemateriaal wat die Universiteit trek én die gehalte van onderrig wat deur die US-dosente verskaf word.

Dosente word gedurig aangemoedig om — sonder om skade aan die gehalte van onderrig te doen — meer en beter navorsing te lewer. Die aanvaarding van 'n navorsingsbeleid wat die Universiteit doelgerig probeer in werking stel, asook die aanstelling van 'n Direkteur van Navorsing op Stellenbosch en 'n Koördineerder van Navorsing op die Parowvallei-kampus is duidelike bewyse van die US se strewe om sy funksie ook op navorsingsgebied so goed as moontlik te probeer vervul. Ook die (tot dusver baie geslaagde) Stellenbosch 2000-fondsinsamelingsaksie is grootliks hierop, en op die uitbou van nagraadse opleiding, ingestel.

Verder moet in gedagte gehou word dat die WNNR-navorsingstoekennings slegs 'n gedeelte van die Universiteit se navorsingsbedrywighede raak en slegs op 'n derde van die twaalf fakulteite van toepassing is. Selfs die vier fakulteite wat wel daardeur geraak word, kry groot bedrae uit ander bronne as die WNNR, vir bedryfsgerigte en toegepaste eksperimentele navorsing. Hiervoor hoef navorsers hulle nie deur die WNNR te laat evalueer nie. Uit die altesaam 260 dosente in die vier betrokke fakulteite het slegs sowat 70 tot dusver om steun by die WNNR se nuwe finansieringskema aangeklop.

Vir die res van die fakulteite kom navorsingsteun onder meer van die Mediese Navorsingsraad (MNR), wat nie minder as ses van sy 29 navorsingseenhede aan die US gesetel het nie, asook die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), wie se steun aan Stellenbosch meer is as dié vir enige ander universiteit. Boonop huisves die Universiteit binnekort drie van die RGN se tien huidige navorsingseenhede.

Naas dié nege is daar nog 18 US-navorsingseenhede, -institute en -buro's, asook vyf US-instansies wat belangrike navorsingswerk doen of onontbeerlike ondersteuningsdienste aan navorsers lewer, benewens die navorsing wat deur die akademiese departemente gedoen word. In 1984 (die nuutste beskikbare syfer) het die Universiteit reeds meer as R11 miljoen aan navorsing bestee.

Soos die Direkteur van Navorsing dit tereg gestel het, kan die US nooit tevrede of selfvoldaan wees oor die gehalte en omvang van sy navorsingsbedrywighede nie. Daar moet egter perspektief behou word oor die Universiteit van Stellenbosch se ruim bydrae tot die oordrag en ontginning van kennis.

Fokus op . . .

Oud-Matie Herbert Beukes, wat onlangs sy geloofsbriewe aan pres. Ronald Reagan oorhandig het nadat hy vroeër vanjaar as Suid-Afrika se ambassadeur in "die belangrikste hoofstad ter wêreld" aangestel is.

Johannes Hermanus Albertus Beukes is in 1942 op die Namakwalandse dorp Garies gebore. In 1962 is hy eerstejaar op Stellenbosch en verwerf in 1964 BA en die volgende jaar honneurs in geskiedenis.

Nadat hy in 1965 ook vir 'n deel van die jaar as tydelike dosent opgetree het en in die redaksie van Die Burger in Kaapstad gewerk het, sluit hy in 1966 by die Departement van Buitelandse Sake aan.

Sy eerste buitelandse aanstelling, in 1967, was by die SA konsulaat in San Francisco, waar hy tot 1971 was. In 1972 en 1973 was hy verbonde aan die Departement Buitelandse Sake se politieke afdeling in Pretoria en parlementêre personeel in Kaapstad. Daarna is hy weer Amerika toe verplaas, in die personeel van die ambassade in Washington. Hy word eerste sekretaris in 1974 en raad vir politieke sake in 1975.



Mnr Herbert Beukes

Herbert Beukes word in 1980 ondersekretaris belas met media- en politieke skakeling. In 1982 word hy onderhoof van die Suid-Afrikaanse sending in die VSA, wat vroeër vanjaar tot sy aanstelling as ambassadeur in Washington gelei het.

Hy is 'n swaer van dr. Dawie de Villiers, die Minister van Handel en Nywerheidswese (wat ook 'n Oud-Matie is). Hulle vrouens, mev. Elbé Beukes en mev. Suzaan de Villiers, is susters.

Die Beukese het twee seuns. Johann het pas matriek aan die Paarlse Hoër Jongenskool afgelê en word in die nuwe jaar 'n Matie — hy gaan in die geneeskunde studeer. Carl is ook in dié skool en word nou standerd nege.

DIREKTEUR VAN NAVORSING MAAN OOR BERIGTE

Beriggewing vroeër vanjaar rondom die evaluerings van dosente-/navorsers aan universiteite deur die WNNR se nuwe Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) moet in behoorlike perspektief gesien word voordat algemene gevolgtrekkings oor die gehalte van elke universiteit, en meer spesifiek oor sy navorsing, gemaak word, sê prof. Serf Kritzinger, Direkteur van Navorsing aan die US.

'n Belangrike punt wat eerstens in ag geneem moet word, is dat NAVORSING (hoe belangrik dit ook al deur die Universiteit geag word) maar 'n relatief klein komponent van enige universiteit se totale aktiwiteite verteenwoordig, veral as in ag geneem word dat 'n dosent se hooftaak die ONDERRIG van groot getalle studente en gepaardgaande administratiewe pligte is.

Die Universiteit van Stellenbosch het 'n baie goeie onderrigrekord (een van die heel bestes in die land) met 'n relatief lae druipsyfer — wat nie slegs te danke is aan die hoë gehalte van die studentemateriaal wat hy trek nie, maar ook illustreer hoeveel tyd en toewyding sy dosente bestee aan onderrig en persoonlike kontak met studente. "Hoe meer tyd 'n dosent aan sy studente wy, hoe minder tyd het hy oor om aan sy navorsing te wy."

Tweedens raak die WNNR se evaluerings ook slegs een derde van die twaalf fakulteite aan die US, te wete Natuurwetenskappe, Ingenieurswese, Landbouwetenskappe en Bosbou. Die ander fakulteite kry hulle navorsingsfondse van ander bronne, wat onder meer die RGN en die MNR insluit.

Verder moet in ag geneem word dat baie van die navorsing wat in die genoemde vier fakulteite aan US gedoen word, toegepaste en bedryfsgerigte eksperimentele navorsing is waarvoor groot bedrae geld uit ander bronne as die WNNR ontvang word. Dit geld veral vir die fakulteite van Ingenieurswese, Landbouwetenskappe en Bosbou, maar ook vir baie van die eksperimentele navorsing in die Natuurwetenskappe. Baie dosente wat hiervoor fondse van buite die WNNR gebruik, vind dit nie nodig om hulle by die WNNR se SNO te laat evalueer nie.

Dié evaluering is vrywillig en die US oefen geen dwang op enige dosent uit om hom te laat evalueer nie. Hierdie belangrike punt word weerspieël in die feit dat daar van US maar ongeveer 70 dosente geëvalueer is uit genoemde vier fakulteite, terwyl die totale dosentetal in die vier tesame ongeveer 260 beloop, sê prof. Kritzinger.

Die WNNR se nuwe Stigting vir Navorsingsontwikkeling het in 1984 begin met 'n nuwe bedeling waarvolgens slegs die navorser se eie meriete sy vlak van finansiële steun bepaal, sonder om sy voorgenome projekte in ag te neem. Applikante word beoordeel volgens voorleggings wat hulleself doen, onder meer van publikasies in erkende vaktydskrifte, gepubliseerde kongresverrigtinge, voordragte voor nasionale en internasionale vakkongresse, en gegewens oor M- en D-studente wat onder hulle leiding gepromoveer het.

Aansoekers word in vyf kategorieë verdeel, van A tot E, met nog twee kategorieë, Y en P, vir belowende jong navorsers, jonger as 35 wat nie meer as drie jaar tevore 'n D-graad verwerf het nie. Die room van die jong navorsers, groep P, kry spesiale sogenaamde Presidentstoekennings. Groepe D en E kry geen finansiële steun nie.

Die ander belangrike statutêre rade, die RGN en die MNR, bedryf nie toekenningskemas soos dié van die SNO nie.

Prof. Kritzinger wys daarop dat die Engelse universiteite inderdaad 'n voordeel bo die Afrikaanses geniet, omdat hulle makliker personeel uit die buiteland kan aanstel, wat nie Afrikaans hoef magtig te wees of dit ooit hoef aan die leer nie — en wat gewoonlik goeie navorsingsrekords in die buiteland kan opstel waar die navorsingsomstandighede meestal gunstiger is.

Hoewel daar vir heelwat van die belangrike navorsing wat in die vier betrokke fakulteite by die Universiteit gedoen word, steun van ander bronne (soos die Waternavorsingskommissie, Bosbouraad, Departement Landbou en Watervoorsiening, Koringraad, Krygkor of die private sektor) verkry word en navorsers dus nie noodwendig om WNNR-steun sal aanklop nie, moedig die US steeds dié betrokke fakulteite se navorsers aan om ook SNO-steun daarvoor te probeer kry.

Wat navorsingsteun van die RGN en MNR betref, het die US 'n goeie rekord. (Lees ook die berig langsaan.) Nie minder nie as ses van die 29 MNR-navorsingseenhede is aan die Universiteit se fakulteite van Geneeskunde (vyf) en Tandheelkunde (een) gesetel. Die RGN het ook reeds drie navorsingseenhede aan die Universiteit gevestig (in die fakulteite van Lettere en Wysbegeerte, Handel en Administrasie en Opvoedkunde), waarvan een reeds sy werk afgehan-

Nagraadse Studentetal van SA se hoogstes

In die afgelope tien jaar het die Universiteit 'n stewige toename in sy nagraadse studentetal gehad — van 21,2 persent in 1976 to 27,7 persent in 1985. Dit is die tweede hoogste aan enige universiteit in Suid-Afrika.

Dit weerspieël nie net die US se hoë akademiese peil nie, maar dui ook op die bydrae wat die Universiteit lewer tot die voorsiening van die hoëvlakmannekrag wat so nodig is vir die land se volgehoue ontwikkeling en vooruitgang.

Dit is nie net die US se getalle wat die afgelope tien jaar toegeneem het nie — ook die gehalte het verbeter.

In 1975 was 60 persent van die eerstejaars aan die Universiteit studente wat 'n gemiddelde C-simbool (60 persent) of hoër in die skooleindeksamen behaal het. Van die 2 458 eerstejaars wat in 1985 aan die Universiteit ingeskryf het, het 67,3 persent 'n gemiddelde C-simbool behaal, terwyl 23,5 persent van die totaal 'n gemiddelde B-simbool (hoër as 70 persent) en 11,5 persent 'n gemiddelde A-simbool (hoër as 80 persent) behaal het. □

del het en ontbind is. Daar is so pas 'n vierde RGN-eenheid aan die US goedgekeur — en dit beteken dat die Universiteit drie van die huidige tien RGN-eenhede sal huisves. Die sowat R1 miljoen wat jaarliks deur die RGN aan die US toegeken word — ook vir ander doeleindes as vir hierdie navorsingseenhede — is verreweg die meeste vir enige universiteit.

"Ons kan egter nooit tevrede wees met en selfvoldaan voel oor die navorsing aan die universiteit nie," sê prof. Kritzinger. Die instelling van sy pos aan die einde van 1984, sowel as dié van Koördineerder van Navorsing op die Parowvallei-kampus (prof. F. C. de Beer) is bewys van hoe belangrik die Universiteitsowerheid navorsing vorentoe beskou. Ook die Stellenbosch 2000-fondsinsamelingspoging (wat reeds ongeveer R15 mijoen aan kontant en beloftes opgelewer het) is grootliks ingestel op die uitbou van navorsing en nagraadse opleiding.

"'n Geleidelike, doelbewuste implementering van sy aanvaarde navorsingsbeleid bly steeds vir die Universiteit 'n saak van hoë prioriteit.

"Ons probeer gedurig vasstel waar ons moontlik 'n agterstand het, sodat ons daaraan kan aandag gee en daarop kan verbeter. Die US stimuleer voortdurend sy dosente om beter en meer navorsing te doen, maar sonder om in die proses aan die onderrigtaak skade te doen. 'n Gesonde balans en wisselwerking tussen onderrig en navorsing is vir die Universiteit van groot belang." □

U.S. BESTEE MILJOENE

Dat die Universiteit naas sy primêre funksie van onderrig ook een van Suid-Afrika se belangrikste tuistes van navorsing is, word weerspieël deur die feit dat die US in 1984 meer as R11 miljoen aan navorsing bestee het.

Sowat R4 miljoen is in 1984 deur private maatskappye en instansies aan die Universiteit se navorsingsinstitute beskikbaar gestel — 'n aanduiding van die vertroue wat die private sektor het in (veral toegepaste) navorsing wat op Stellenbosch gedoen word.

Ongeveer R1,3 miljoen van die meer as R11 miljoen het gekom uit die Staat se jaarlikse subsidie aan die Universiteit, terwyl groot bedrae ook voorsien is deur die statutêre rade, soos die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) (R1,02 miljoen), die Mediese Navorsingsraad (MNR) (R990 000), die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) (R910 000), die Waternavorsingskommissie (R780 000) en die Bosbouraad (R860 000).

Die Universiteit lewer belangrike diens aan die samelewing deur die volgende 18 inrigtings vir navorsings- en ontwikkelingswerk: Die buro's vir Ekonomiese Ondersoek en vir Meganiese Ingenieurswese; die institute vir Beryfsingenieurswese, Biotegnologie, Elektriese Tegnologie, Elektronika, Kartografiese Analise, Toekomsnavorsing, Polimeerwetenskap, die Studie van Marxisme, Struktuuringenieurswese, Taalonderrig, Toegepaste Bestuurswetenskappe, Toegepaste Rekenaarwetenskap, Teoretiese Kernfisika, en Wiskunde- en Wetenskaponderwys; asook die sentrums vir Robotika en vir Vervoernavorsing.

Benewens dié navorsingsinstellings bedryf die Universiteit saam met statutêre rade die volgende nege navorsingseenhede wat aan die Universiteit gesetel is: Die navorsinseenhede vir Ontwikkelingsosiologie, vir Wiskunde-onderwys en vir Rekenaartoepassings op die Taal en Teks van die Ou Testament (wat saam met die RGN bedryf word) asook die navorsingseenhede vir Diffuse Obstruktiewe Pulmonêre Sindroom, Jodiummetabolisme, Sitogenetika, Molekulêre en Sellulêre Kardiologie, Neurochemie van Geestessiektes en Tandheelkundige Epidemiologie (wat saam met die MNR bedryf word).

Die volgende vyf Universiteitsinstansies doen ook almal belangrike navorsingswerk of lewer onontbeerlike ondersteuningsdienste aan navorsers: die Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys, die Buro vir Geneeskundige en Tandheelkundige Onderwys, die Sentrum vir Meganiese Dienste, die Sentrum vir Elektroniese Dienste en die Sentrum vir Sielkundige Dienste.

Daarbenewens word dosente voortdurend aangemoedig om individueel of in groepe (ook interdissiplinêr) navorsing op hulle vakgebiede aan te pak of verder uit te bou. Nagraadse studente word ook by die uitvoering van navorsingsprojekte betrek. Nagraadse kursusse veral word dus so ingerig dat 'n belangstelling in navorsing gewek word. □

WNNR VERWERP INSINUASIES

Die WNNR het hom, by monde van sy President, dr. Chris Garbers, sterk gedistansieer van koerantberigte wat die indruk probeer skep het dat Afrikaanse universiteite, en waaronder Stellenbosch ook spesifiek genoem is, swakker gehalte navorsing as die Engelse universiteite lewer.

In 'n nuusverklaring het dr. Garbers gesê hy wil "dit onomwonde stel dat die WNNR hom nie kan vereenselwig met enige moontlike insinuasie . . . as sou die akademiese standaard en/of akademiese personeel en/of bestuurspersoneel verbonde aan enige van die land se universiteite van 'n swakker of mindere gehalte as ander wees nie".

Hy het verder gesê "die WNNR verwerp enige moontlike insinuasie as sou hy voorrang verleen aan sekere navorsers of universiteite asook enige poging deur enigiemand om deur sulke insinuasies die verhouding van die WNNR met sekere universiteite of persone in die gedrang te bring".

Dr. Garbers beklemtoon ook dat daar reeds met die aankondiging van die nuwe program van WNNR-navorsingsondersteuning uitdruklik gesê is dat dit slegs in 'n tydperk van enkele jare ingefaseer kan word. Navorsers wat nog nie die volle impak van die nuwe stelsel ondervind nie, word dus versoek om geduld te beoefen.

"Alleen deur sodanige hulp en begrip kan 'n nuwe era vir navorsers en nagraadse studente in die basiese en die toegepaste natuurwetenskappe aan alle universiteite verwerklik word," sê dr. Garbers. □

U.S.-polimeerkenner reis wêreldwyd

DAAR'S ORAL HOË AGTING VIR DIÉ U.S.-NAVORSING

Wetenskaplikes in Australië, die VSA, Kanada, Brittanje, Taiwan en Japan het hom gul ontvang en openhartig kennis uitgeruil, sê dr. Ron Sanderson, direkteur van die US-Instituut vir Polimeerwetenskap, nadat hy onlangs van 'n uitgebreide buitelandse studiebesoek teruggekeer het.

Die polimeerweterskaplikes en ander chemici met wie hy gesels het, het 'n baie hoë agting vir die navorsing wat op dié terrein in Suid-Afrika en veral ook by die Universiteit van Stellenbosch gedoen word. "Hulle was baie vriendelik. Ek kon ontsaglik baie van hulle leer en het waardevolle skakeling met hulle bewerkstellig."

Hy het van Julie tot September vir sowat drie maande letterlik rondom die wêreld gereis om van die belangrikste navorsingsinstansies op die gebied van die polimeerwetenskap te besoek. Sy studiereis is hoofsaaklik deur die Suid-Afrikaanse Waternavorsingskommissie moontlik gemaak. Die WNNR het ook 'n deel van die reiskoste betaal.

Terwyl dr. Sanderson vanjaar die hele jaar met studieverlof is, is hy as spesialis-konsultant deur die Waternavorsingskommissie aangestel.

Slegs in Nederland, waar 'n besoek van net een dag vir hom gereël was, wou universiteitsnavorsers hom om politieke redes nie ontvang nie — maar selfs daar het kollegas by 'n staats-watersuiweringsorganisasie hom toe vriendelik ontvang en kennis met hom uitgeruil. Hy sê die atmosfeer in Nederland was openlik vyandig teenoor Suid-Afrika. Baniere en slagspreuke teen die land was oral te sien.

In al die ander lande waar hy was, was geen wetenskaplike bang om met hom as 'n Suid-Afrikaanse medewetenskaplike te assosieer nie. "Hulle het hulle nie laat beïnvloed deur hulle land se politieke of diplomatieke druk teen Suid-Afrika of die ongunstige televisiedekking wat Suid-Afrika daagliks gekry het nie."

Hy het 23 van die voorste polimeerwetenskaplikes in al dié lande genooi om volgende jaar 'n konferensie op Stellenbosch by te woon — en 22 het laat weet hulle wil graag kom.

Prof. Wu Yu-Hua van die instituut vir omgewingsingenieurswese aan die Nasionale Universiteit van Taiwan het ook 'n uitnodiging aanvaar om Stellenbosch en ander plekke in Suid-Afrika volgende jaar te besoek. Dit sal deel wees van die akademiese uitruilskema met daardie land, wat ook dr. Sanderson se besoek aan die Republiek van Sjina (Taiwan) moontlik gemaak het.

In Kanada is daar soveel agting vir die navorsing wat op Stellenbosch gedoen word dat die McGill-universiteit in Montreal reeds die afgelope twee jaar 'n projek saam met dr. Sanderson se span navorsers van die Instituut vir Polimeerwetenskap onderneem en nou 'n ooreenkoms vir nog 'n navorsingsprojek gesluit het.

Dr. Sanderson (links) in Tokio by dr. Gennosuke Inoue, hoofbestuurder van 'n sentrum vir die bevordering van waterherverbruik. Hulle staan by 'n visdam in die sentrum se tuin — wat alles met gesuiwerde rioolwater aan die gang gehou word.

In Amerika het dr. Sanderson 'n internasionale simposium oor polimeerchemie bygewoon wat as deel van die Amerikaanse Chemiese Vereniging se jaarkongres in September in Chicago gehou is. Sowat 8 000 mense het die kongres bygewoon en meer as 3 000 referate is aangebied.

By nog 'n simposium in Amerika is hy op kort kennisgewing gevra om 'n referaat te lewer — een van 17 gedurende sy studiereis.

Een van sy belangrikste besoeke in die VSA was dié aan die polimeerwetenskap-instituut by die Universiteit van Akron in Ohio. Dr. Sanderson het sy doktorsgraad in 1969 aan dié universiteit verwerf. Ook in Minneapolis en by verskeie plekke in Kalifornië het hy studiebesoeke afgelê, veral waar navorsing oor watersuiwering gedoen word.

In Australië is hy hartlik ontvang deur personeel van ons WNNR se eweknie, asook wetenskaplikes by die Universiteit van Nieu-Suid-Wallis.

"Op Watersuiweringsgebied is die Japanners ware meesters," sê dr. Sanderson. Die staat gee sowat R50 miljoen vir 'n navorsingsprojek genaamd "Aqua Renaissance" (die herlewing van water). Dit word hoofsaaklik toegeken aan die nywerhede, wat dit vir navorsing na die universiteite kanaliseer.

Die land se hoë bevolkingsdigtheid en tegnologiese ontwikkelingspeil maak hierdie navorsing noodsaaklik. Dr. Sanderson is werklik beïndruk met die sukses wat hulle behaal. "Selfs in 'n hawegebied sien 'n mens

visse in skoon water rondswem."

By 'n sentrum vir die bevordering van waterherverbruik in Tokio het hy 'n membraanproses vir die herwinning van rioolwater bestudeer. Talle groot Japanse geboue het elkeen sy eie rioolsuiweringsaanleg — in die gebou. Een van dié wat hy besoek het, is by die Japanse televisiekorporasie.

Behalwe vir die aanmoediging wat die Japanse regering met navorsingsfondse bied, kos dit die verbruiker ongeveer veertig persent meer om 'n kubieke meter rioolwater uit 'n gebou te laat vloei as wat dieselfde hoeveelheid vars water kos.

Wat hom oral, maar veral in Amerika, opgeval het, is die groot getalle meesters- en doktorsgraadstudente in die polimeerstudierigtings. Die Universiteit van Akron het sowat 100 M- en D-studente en nog 50 na-doktorale studente in polimeerwetenskap, asook 35 M- en D-studente en vyf nadoktoraal in polimeeringenieurswese. Dié twee departemente werk saam aan sommige navorsingsprogramme.

• Die sukses wat die Instituut vir Polimeerwetenskap met sy membraannavorsing behaal het, het gehelp om baie probleme in Suid-Afrika op te los nadat Membratek ('n filiaal van die Paarlse firma Bakke Nywerhede) die Instituut se navorsingsresultate kommersieel beskikbaar gestel het. Bakke bemark dié tegnologie nou grootskaals in Suid-Afrika en het onlangs 'n groot aanleg vir Evkom gebou.

Dié sukses het daartoe gelei dat die Waternavorsingskommissie onlangs 'n kontrak van meer as R1,3 miljoen vir drie jaar met die Instituut gesluit het. Die WNK het dr. Sanderson se reis moontlik gemaak sodat die Instituut met die nuutste ontwikkelinge in die buiteland op hoogte kan bly. □

Proff. Chin-Erh Lin en Mei-Hui Yang van die Nasionale Universiteit van Taiwan saam met dr. Sanderson.

Die Universiteit het nou 'n statistieksentrum wat navorsers, dosente, studente en administratiewe personeel met statistiese navorsingsprojekte en ondersoeke kan help. Die Trust Bank-statistieksentrum is by die Departement Statistiek in die H. F. Verwoerdgebou. Trust Bank het R82 000 vir die sentrum bygedra. Die bank se besturende direkteur, dr. Chris van Wyk (links), is hier by die Rektor en Vise-kanselier, prof. Mike de Vries, toe die sentrum in gebruik geneem is.

Club for SA graduates

The South African Universities Club in London has been in existence for some years. According to the secretary, Mr. G. J. Henning, it provides a forum for graduates and friends of all South African universities who are permanently or temporarily resident in Britain to meet at a variety of functions during the year.

Earlier this year a cocktail party for club members was held at the Embassy, with South African Sports Ambassador Eddie Barlow as guest speaker. The Club also held a braai at the home of one of the committee members during August and a dinner in November.

Although the Club does not operate as a profit centre, it registered a profit last year and was able to make contributions towards three needy causes in the field of education.

Ex-Maties who are living in Britain can contact Mr. Henning at 3 Fitzhardinge Street, London W1. □

INTUS BEREIK BAIE IN TIEN JAAR

Intus, die Instituut vir Taalonderrig an die US, het vanjaar steun van die Afrikaanse Taalfonds gekry vir twee belangrike projekte om Afrikaans onder Indiërs en swartmense landwyd te bevorder.

Dat dit in Intus se tiende bestaansjaar gebeur, is heel gepas, want toe die Instituut se stigting tien jaar gelede — met die inwyding van die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl — bekend gemaak is, is aangekondig dat die Taalfonds 'n bedrag skenk om Intus te help "om huis op te sit".

Ná tien jaar is die "huis" stewig gevestig. Die twee projekte om Afrikaans te bevorder, is net enkele van die wye verskeidenheid take wat die Instituut aanpak.

Intus werk byvoorbeeld aan twee reekse TV-programme om swart kykers met Afrikaans en Engels te help; het die leiding geneem met 'n internasionale vakblad oor taalonderrig wat binnekort die eerste keer verskyn; het 'n program opgestel om SA Lugdienskajuitpersoneel (vir internasionale vlugte) vinniger Duits te leer praat; en was instrumenteel om die Lozanovmetode of holistiese benadering tot onderrig op Stellenbosch én in die res van Suid-Afrika bekend te stel en belangstelling daarin te bevorder.

Die landwye projek om Afrikaans in swart skole te bevorder, volg op 'n versoek van Transkei se regering, nadat dié onlangs besluit het om Afrikaans weer in die land se skole verpligtend te maak. Dit is onder meer omdat Transkei meen sy mense wat in Suid-Afrika werk, word benadeel as hulle nie in Afrikaans kan kommunikeer nie.

Intus pak die projek aan saam met die Denneoord-kollege vir Voortgesette Opleiding op Stellenbosch en die Kaapstadse Onderwyserskollege in Mowbray.



Prof. van der Vyver by 'n deel van die Instituut se waardevolle versameling boeke en tydskrifte oor die taalonderrig wat die afgelope tien jaar opgebou is. Dit sluit versamelings oor die suggestopedagogiek, holistiese taalonderrig en breinfunksies in wat waarskynlik uniek in Suid-Afrika is.

Dit volg op 'n soortgelyke, omvangryke navorsingsprojek oor die behoefte wat laerskoolonderwysers in swart skole op die gebied van Engelsonderrig het. Daarvoor het die RGN finansiële steun gegee en daar is met ander universiteite saamgewerk. Die RGN het die navorsingsverslag onlangs aanvaar en vir publikasie vrygestel.

Transkei se regering het Intus gevra om die sillabusontwerp vir dié land se kolleges te doen, vir die opleiding van Afrikaans-onderwysers. Die navorsing sal hoofsaaklik in Transkei geskied, maar die verskillende ander onderwysdepartemente sal ook genader word, met die oog op die gebruik van die sillabusse in kolleges oral in Suid-Afrika.

Dit is sinvol om in Suid-Afrika met net een sillabus vir alle kolleges te werk, omdat onderwysers dikwels tussen die verskillende departemente rondbeweeg. Daar word beoog om 'n sillabus op te stel vir 'n driejarige kursus vir Afrikaans-onderwysers, vir Afrikaans as tweede taal op laerskool, sê Intus se direkteur, prof. David van der Vyver. Later kom Afrikaans-onderrig op die hoër skool ook aan die beurt.

Denneoord en die kollege in Mowbray verskaf die personeel wat onder Intus se toesig die navorsingswerk sal doen. Prof. Van der Vyver beskou die samewerking tussen die US en die twee kolleges as die begin van 'n belangrike fase, waar dit ook vir kolleges belangrik word om in samewerking met universiteite by navorsing betrokke te raak.

Die Interuniversitêre komitee vir Taalonderrig (IUKTO) waarin onder meer sewe swart universiteite verteenwoordig word (en waarvan prof. Van der Vyver die stigter-voorsitter is) steun die projek.

Intus is op kommunikasiegerigte taalonderrig ingestel. Om dié rede en omdat taalvaardighede in die veelvolkige Suid-Afrika van belang is, word voortdurend gesoek na metodes en hulpmiddele waarmee taalonderrig verbeter en die aanleer van tale versnel kan word.

In dié verband het Intus besondere welslae behaal met die Lozanovmetode of holistiese benadering tot taalonderrig. Prof. Van der Vyver en ander akademici, insluitende verteenwoordigers van IUKTO, het in 1982 en 1983 buitelandse studiereise hieroor onderneem en verlede jaar het 'n Amerikaanse geleerde, dr. Charles Schmid van San Francisco, vir Intus 'n kursus oor die onderrig-

metode op Stellenbosch aangebied. Dit het gelei tot die eerste Intus-projek wat van die metode gebruik maak, die Duitskursus vir SAL-personeel.

Verskillende US-departemente pas nou ook die onderrigmetode met baie welslae toe. Aan die Kaapstadse Onderwyserskollege is dit met verstommende sukses gebruik om Engelssprekende studente met Afrikaansklasse te help, vertel prof. Van der Vyver. Dié kursus is onder Intus se leiding opgestel.

"Die kennisontploffing maak versnelde opleiding nodig. Daarvoor is hierdie onderrigmetode baie geskik — en nie net vir taalonderrig nie." 'n Belangegroep hieroor is reeds aan die US gestig, waarvan al meer lede nie taaldosente is nie.

Kort ná sy ontstaan het Intus 'n tweetalige blad, *Intus-Nuus/News*, begin uitgee. Al meer artikels deur buitelandse geleerdes het daarin verskyn en dit word nou vervang met *PER LINGUAM*, 'n publikasie vir die taalonderrigpersoneel van Suid-Afrikaanse en buitelandse inrigtings, wat binnekort vir die eerste keer verskyn.

Onder die ander take wat Intus aanpak, is 'n kort kursus in Xhosa, wat pas op Stellenbosch aangebied is. Die belangstelling was so groot dat baie aansoekers weggewys moes word, maar van hulle kry hopelik volgende jaar weer 'n kans.

Prof. Justus Roux van die Departement Bantoetale het dit namens Intus aangebied. Al het dit net sowat twee weke geduur, kon die kursusgangers aan die einde daarvan vlot in Xhosa met mekaar gesels.

Die Instituut het ook 'n groot aandeel gehad in die bekendstelling en ontwikkeling van rekenaargesteunde taalonderrigprogramme in Suid-Afrika. Dertien deeltydse programmeerders is tans betrokke by 'n groot projek wat Intus vir Evkom uitvoer. Verder het prof. Van der Vyver as 'n navorsingsvennoot van die RGN 'n leidende aandeel in 'n landwye projek om rekenaargeletterdheid in skole te bevorder.

Prof. Van der Vyver het ook gehelp met 'n programreeks, *The Brain Game*, wat binnekort oor TV 1 gebeeldsend word. Verder is die Instituut betrokke by verskeie taalonderrigprojekte, onder meer in samewerking met die RGN, wat Suid-Afrikaners van alle bevolkingsgroepe raak. Dit behels die onderrig van Afrikaans, Engels en enkele Bantoetale. Vir sommige word ruim steun van die private sektor verkry.

Anglo American en De Beers se Chairman's Fund Educational Trust het pas aangekondig dat hy die finansiering sal verskaf vir die volgende fase van die projek wat in 1983 met RGN-fondse begin is en wat ten doel het om swart laerskoolonderwysers se Engels-opleiding te verbeter.

Vandat Intus tien jaar gelede "huis opgesit het", het hy met sy navorsing op die gebied van taalonderrig baie vermag. Volgens prof. Van der Vyver is die resultate tot dusver "baie bemoedigend — maar dit is nog net die begin.

"Die kennisontploffing, versnelde tegnologiese ontwikkeling, ons land se verskeidenheid van taalgroepe ... al dié dinge vereis dat daar op die gebied van taalonderrig en die navorsing hieroor nog berge versit moet word.

"In dié verband kan die navorsing oor die doeltreffendheid van Intus se taalkursusse en opleidingsprogramme in die algemeen — en veral oor die doeltreffendheid van benaderings, hulpmiddels en tegnieke — vir ons baie beteken," sê prof. Van der Vyver. □

• NUUS VAN DIE U.S.-KANTOOR IN JOHANNESBURG

Tvlse Maties kan goedkoper vlieg

Die Universiteit se kantoor in Johannesburg het 'n ooreenkoms met die Suid-Afrikaanse Lugdiens bereik vir goedkoper vliegkoste vir Maties tussen Johannesburg en Kaapstad. Dit sluit ook gratis busvervoer tussen Stellenbosch en die Lughawe D. F. Malan in.

'n Enkelkaartjie sal R150 kos en 'n retoerkaartjie R300. Die koste is gewoonlik R209 vir 'n enkelkaartjie en R418 vir 'n retoerkaartjie.

Die besprekings moet minstens 'n maand voor die tyd by die US-kantoor in die Goudstad gedoen word en minstens vyftig studente moet vir 'n vlug gewaarborg kan word. Veertig persent van die koste word verbeur as 'n plek ná die keerdatum gekanselleer word.

Die SAL het onderneem dat die studente nie met laataandvlugte hoef tevrede te wees nie.

As genoeg Maties belangstel, word die diens met die begin van die nuwe akademiese jaar in Februarie ingestel.

• *Die adres van die US-kantoor in Johannesburg, waar die besprekings gedoen kan word, is Northcliff Plazagebou, h/v Frederick- en D. F. Malanrylaan, Northcliff, telefoonnommers (011) 782-5560/9.*

Die US-kantoor reël nie meer busvervoer vir studente nie — die maatskappy Interkaap doen dit nou self.

Huis in Linden

Dalk skuif die US-kantoor in die Goudstad een of ander tyd van Northcliff af Linden toe. Die Universiteit onderhandel om 'n huis daar aan te koop en in 'n kantoorgebou te omskep.

Boonop kan die nuwe Stellenbosse "ambassadegebou" moontlik meer as net kantoorruimte bied. Daar is ook genoeg plek om vergaderings te hou of 'n onthaal vir Oud-Maties aan te bied.

Loftus-botsing

Op 22 Maart is dit weer die jaarlikse kragmeting tussen die Maties en die Tukkies, dié keer op Loftus Versfeld in Pretoria. Soos altyd wanneer dié wedstryd in die Noorde is, word 'n dinee-dans vir Transvaalse Oud-Maties die vorige aand in die Jakarandastad gehou — weer soos altyd in die Yskor-saal.

Die Johannesburgkantoor reël die dinee-dans en help ook soos in vorige jare om kaartjies vir die Matie-Tukkie-botsing aan Oud-Maties te verskaf. Alle Transvaalse Oud-Maties kry in Januarie 'n omsendbrief hieroor.

'n Nuwe gesig

'n Nuwe gesig by die US-kantoor in die Goudstad is Lyn Russouw. Sy staan vir Okkie le Roux en Philip de Witt by. Oud-Maties kan hulle vir navrae bel of besoek, of sommer net gaan inloer om kennis te maak, by die adres hierbo — en dalk binnekort by die nuwe stukkie "Stellenbosch in die vreemde". □

Sy het die begin van die jaar geskiedenis gemaak as die Universiteitskoor se eerste vrouedirigent in byna vyftig jaar. En toe het sy weer naam gemaak met die lof wat sy ingeoes het vir haar waagmoed en die vernuwing wat sy gebring het, soos met die programsamestelling en die nuwe klankdimensie wat die koor bygekry het.

Resensie-opskrifte soos "US-Koor het steeds geen gelyke nie", "Sang op 'n hoë peil" en "Innovator takes baton of Stellenbosch University Choir" dui op dié talentvolle musikus se onmiddellike sukses met die Matie-koor.

Vir Acáma Fick was die jaar 'n kombinasie van "wonderlik" en "baie spannend".

Dit was byvoorbeeld senutergend om in die wintervakansie — net vier maande ná sy aan die begin van die akademiese jaar die eerste keer voor die koor gestaan het — in van die land se grootste sentra soos Johannesburg en Pretoria te moes optree. "Ek het gevoel soos 'n lam wat ter slagting gelei word."

Maar die lof wat die koor toe ingeoes het, het vir al die spanning vergoed. Die jaar het reeds baie aangename herinneringe opgelewer. Van haar kosbare ervarings vanjaar was om te beleef hoe sy deur middel van die koor konsertgangers én koorlede in die vreugde van goeie koormusiek kon laat deel.

Maar dít bied ook een van haar taaiste probleme as dirigent: Hoe stel 'n mens 'n program saam wat die meeste mense — leke én gesofistikeerde konsertgangers — tevrede stel?

"In dieselfde gehoor het jy die leke en die kenners. Party mense (van alle ouderdomme) wil hoor hoe die Universiteitskoor treffers uit hul eie jong dae sing. Die meeste van dié gewilde werke is vir soliste of kleiner groepe geskryf — dis nie geskik vir koorsang nie, of daar bestaan eenvoudig nie goeie verwerkings daarvan nie." Goeie koorverwerkings van hedendaagse ligte musiek is baie skaars en sy sal bly wees as sy meer daarvan in die hande kan kry.

Om deur stapels en stapels (en letterlik eeue se) koormusiek te delf om 'n program saam te stel, bly nogtans vir haar een van die grootste vreugdes van dirigentwees. "'n Mens moet met musiekintegriteit 'n program saamstel wat aan die hoogste vereistes van goeie koormusiek beantwoord. Die Universiteitskoor se programkeuse moet die mees gesofistikeerde konsertganger kan bevredig." Dit is vir haar 'n opvoedingstaak — vir konsert-

Oud-Matie T P (Peter) Philip is in Amerika deur die Newmont-mynkorporasie as een van die vier groep- uitvoerende beamptes aangestel. Hy is onder meer verantwoordelik vir Carlin, 'n goudmynmaatskappy met belange in Australië. Tot 1983 was hy algemene bestuurder en 'n direkteur van die O'kiep-mynmaatskappy in Suid-Afrika. Hy woon in Elko, Nevada.

2 verjaardae

Monica se 60ste verjaardag en Eendrag se 25ste word albei aan die einde van die eerste kwartaal gehou. 'n Reünie-ete vir oud-Monicaners word beplan vir Woensdagaand 26 Maart. Eendrag se Kwarteeufees is in die naweek 21-23 Maart. Op 27 Maart sluit die Universiteit vir die Paasvakansie.

Die Monica-reünie gaan in 'n restaurant op Stellenbosch gehou word. Almal wat dit wil bywoon, moet mev. Veronica Lombard, eggenote van die US se direkteur van ontwikkeling en burgemeester van die Eikestad, mnr. Piet Lombard, minstens 'n week voor die tyd laat weet. Haar telefoonnommer is (02231) 4189. Die reünie-ete is slegs vir oud-inwoners van die koshuis.

Eendrag se saamtrek van oud- en huidige Eendragters word by die koshuis gehou. Oud-Eendragters wat dit wil bywoon, moet in verbinding tree met die Reünie-organiseerder, Eendrag, Merrimanlaan, Stellenbosch, 7600 (telefoonnommer (02231) 3627).

Reeds in haar eerste jaar as dirigent van die Universiteitskoor het sy lof ingeoes vir haar waagmoed en die vernuwing wat sy gebring het.

ACÁMA MAAK NAAM MET U.S.-KOOR

gangers en die koorlede. "Werklik goeie musiek het ewigheidswaarde."

Koorafrigting is beslis nie aldag lekker en maklik nie. Dit kan tydrowend, senutergend, veeleisend, uitmergelend wees. "Ek weet van geen enkele koordirigent wat nie baie dikwels oor sy lot in opstand kom nie."

Een van die dinge wat 'n koordirigent se werk so spannend maak, is die gevoeligheid van die "instrument" waarmee daar gewerk word. "Jy is die hele tyd absoluut afhanklik van sestig mense se grille en giere. Elkeen se optrede hang af van sy of haar fisieke en emosionele toestand, want 'n mens se stem is uiters gevoelig — dit word maklik beïnvloed as hy nie lekker voel nie.

"Hier teen die einde van die jaar wens jy dat jy net een keer die HELE koor, fiks en gesond en sonder probleme, voor jou kan hê. Al oefen hulle vier aande per week is tot die helfte soms siek of besig met toetse. Dit is verskriklik frustrerend."

Wat die musiekkenners veral opgeval het, is die "nuwe" koers wat sy met die repertorium ingeslaan het. So het die koor vanjaar byvoorbeeld ook werke uit die Middeleeue gesing. 'n Ander opvallende verandering was die byvoeging van 'n verskeidenheid instrumente (onder meer orrel, klavier en blaas- en slaginstrumente) in plaas van die oorwegend onbegeleide werke wat universiteitskore kenmerk.

Die koor het ook vir die eerste keer saam met 'n ander volwasse koor, die bekende kerkkoor van die NG Gemeente Stellenbosch-Sentraal onder leiding van Pieter van der Weshuizen, 'n gala-kooraand aangebied. Dit is afgesluit met die Hallelujakoor uit Handel se Messias, gedirigeer deur mej. Fick. 'n Besoekende dosent aan die Konservatorium, prof. Kobie Kloppers van Kanada, het die massakoor op die orrel begelei.

(Die Suid-Afrikaans-gebore prof. Kloppers, wat reeds as dirigent bekendheid verwerf het, werk in opdrag van die Universiteitskoor aan 'n komposisie vir die koor se halfeeufees volgende jaar.)

Vir volledige, groot simfonie- of oratoriumwerke is die US-Koor te klein, maar sy hoop om hulle vir kleiner werke saam met die reeds bekende US-Strykensemble ook buite Stellenbosch te laat optree. □

Acáma Fick

3 MUSIEKGROEPE WIL REÜNIE HOU

Drie musiekgroepe op die kampus, die Universiteitskoor, Blaasorkes en Stellenbosch-Sentraal-kerkkoor, beoog reunies in 1986. Die koor vier sy halfeeufees, die orkes sy tienjarige bestaan en die kerkkoor (wat 27 jaar oud word) vier mnr. Pieter van der Westhuizen se 21 jaar as dirigent.

Vir oud-koorlede is die reüniedatums 11 tot 13 Desember. Die Blaasorkes se saamtrek is op 16 Mei en die kerkkoor s'n in die tweede semester, op 'n datum waaroor nog besluit moet word, sê mnr. Bart Cronjé, die Universiteit se koor- en orkesbestuurder. Hy koördineer al dié reüniereëlings.

Alle oud-lede van die orkes en kore kan hul name, adresse en ander besonderhede aan mnr. Cronjé stuur. Sy adres is Departement Ontwikkeling, Universiteit, Stellenbosch 7600 (telefoon 77579/77644).

Die Universiteitskoor beoog ook om in September en Oktober die volgende halfeeufees-uitvoerings in al die groot sentra landwyd aan te bied: Bloemfontein, Johannesburg, die Oos- of Wes-Rand, Pretoria en Port Elizabeth (gedurende 19-27 September), asook Stellenbosch (18 Oktober) en Kaapstad (25 Oktober).

• Nog 'n musiekgroep met groot planne vir die nuwe jaar, is die US-Strykensemble onder leiding van Eric Rycroft, wat op uitnodiging van Naruk en die Natalse Filharmoniese Orkes in die wintervakansie in Natal gaan optree. Die ensemble gee op 28 Junie 'n uitvoering in Pietermaritzburg en die volgende aand in Durban. □



Prof. Behrens (derde van links) saam met dr. Hans-Erich Diemath, ondervoorsitter van die Oostenryks-Suid-Afrikaanse klub in Salzburg, dr. Haslauer en proff. Bauer, Schilhawsky en Held-Seufferheld.

OOSTENRYKERS VEREER RICHARD BEHRENS

Prof. Richard Behrens, direkteur van die US-Konservatorium, is vroeër vanjaar in die Oostenrykse stad Salzburg gulhartig ontvang deur die *Landeshauptmann* (administrateur) van die provinsie Salzburg, asook die rektor van die Mozarteum (die stad se wêreldberoemde musiekskool) en die direkteur van die Salzburgse Feesspele.

Boonop het die buitengewone eer prof. Behrens te beurt geval om gevra te word om sy naam in die Ereboek van Salzburg te teken. In dié boek pryk die naamtekeninge van konings, verskeie Amerikaanse presidente en ander staatshoofde en hoogwaardigheidsbekleërs.

Dr. Wilfried Haslauer, *Landeshauptmann* van Salzburg, het Stellenbosch verlede jaar besoek en was baie beïndruk met die Eikestad en veral met die moderne US-Konservatoriumgebou. Ná sy besoek het hy in briewe aan prof. Behrens en die Stellenbosse burgemeester, mnr. Piet Lombard, te kenne gegee dat hy hom graag vir nouer skakeling tussen die Mozarteum en die Stellenbosse Konservatorium wil beywer.

Met prof. Behrens se besoek aan Salzburg is dié moontlikheid bespreek op 'n vergadering wat dr. Haslauer in sy kantoor gereël het. Proff. Friedemann Held-Seufferheld, direkteur van die Feesspele, Günther Bauer, rektor van die Mozarteum, en Paul Shilhawsky, 'n gewese rektor van dié inrigting, was ook teenwoordig. Prof. Shilhawsky het enkele jare gelede 'n reeks meestersklasse in sang aan die US-Konservatorium aangebied.

Prof. Behrens sê die samesprekings was in 'n gees van groot welwillendheid. "Ek hoop dit sal lei tot nouer skakeling tussen die twee konservatoriums. Dit sal veral vir ons op Stellenbosch baie waarde hê."

Hy het ook die Mozarteum (vernoem na die komponis Wolfgang Amadeus Mozart, wat in Salzburg gebore is) op uitnodiging van prof. Bauer besoek, asook die indrukwekkende Feesspeleteater as gas van prof. Held-Seufferheld. Die Mozarteum het sowat 2 000 studente en 500 dosente. □



Prof. Kobie Kloppers

Bach-kenner

Prof. Kobie Kloppers, hoof van die departement musiek aan die Kings-kollege in Edmonton, Kanada, wat in die derde kwartaal vir ses weke 'n besoekende dosent aan die US-Konservatorium was. Hy het lesings oor die musiekwetenskap aangebied. Prof. Kloppers is 'n gebore Suid-Afrikaner wat sedert 1976 in Kanada woon. Hy het naam gemaak as komponis en word beskou as 'n wêreldkenner oor die vertolking van J. S. Bach se orrelmusiek. Sy besoek aan Suid-Afrika was op uitnodiging van die US en UOVS.

UNIEKE MATERIAAL LOK WES-DUITSE NAVORSER

Die eerste Wes-Duitser wat 'n prestige-stipendium van die Alexander von Humboldt-stigting in sy land verower het om in 'n geesteswetenskaplike studierigting in Suid-Afrika navorsing te doen, werk sedert einde September vir 'n jaar aan die US. Dr. Hermann-Josef Stipp van die Universiteit van Tübingen doen sy navorsing in die Departement Semitiese Tale op Stellenbosch — die enigste plek ter wêreld waar die spesifieke versameling materiaal wat hy vir sy studie nodig het, beskikbaar is.

Dr. Stipp is die houer van 'n Feodor Lynen-stipendium, waarvan dertig jaarliks wêreldwyd toegeken word. Hy is slegs die derde persoon wat so 'n stipendium vir studie in Suid-Afrika verower. Die ander twee was vir studie in die natuurwetenskappe en geneeskunde.

Dié toekennings — waarmee die Humboldt-stigting redelik onlangs eers begin het — stel jong Wes-Duitse navorsers in staat om buite hul eie land in te skakel by die navorsingsaktiwiteite van geleerdes wat voorheen met Alexander von Humboldt-stipendia in Wes-Duitsland gestudeer het.

Die Departement Semitiese Tale is waarskynlik die universiteitsdepartement in die land met die nouste verbintenis met die stigting. Vier oudstudente van die departement is voormalige Humboldt-beurshouers. Hulle is dr. Hannes Olivier van die Kweekskool, prof. Ferdinand Deist van Unisa, Prof. Walter Claassen, dosent in die Departement Semitiese Tale, en Prof. Piet van Zijl, wat 'n jong dosent in die departement was toe hy in 1976 oorlede is. Al vier was doktorale studente van prof. Charles Fencham, wat vanjaar as departementshoof aftree.

Dr. Stipp se navorsing sluit ten nouste aan by die werk wat in die departement gedoen word, soos prof. Claassen se navorsing oor die ontwikkeling van 'n interaktiewe grammatikale databasis om Bybelse Hebreeus te bestudeer en dié van dr. Johann Cook oor die tekskritiek van die Ou Testament.

Die departement is ook een van die enkele sentra ter wêreld wat gerekenariseerde weergawes het van die teks van die Ou Testament (of dele daarvan) in Hebreeus en in die ander vroeë vertalings soos Grieks en Siries. Dit is deur onderhandelinge en samewerkingsooreenkomste vir die departement se eie navorsingsprojekte verkry.

Dr. Stipp doen navorsing oor die ontwikkelings- en reaksiegeskiedenis van die boek Jeremia. Hy stel veral belang in Hebreeuse grammatika en literêre geskiedenis, die grensgebiede van teksgeskiedenis.

Dit verteenwoordig van die belowendste maar ingewikkeldste aspekte van die studie van die Ou Testament. Die navorser moet met gemak al die betrokke vakdissiplines kan hanteer en die nodige navorsingshulpmiddele beskikbaar hê. Hiervoor is die gerekenariseerde eksegetiese hulpmiddele wat in die Departement Semitiese Tale ontwikkel word van groot nut, sê dr. Stipp.

Sy vrou, Hildegard, en hulle twee babaseuns van ses maande en twee jaar is saam met hom op Stellenbosch. □

Dr. Hermann-Josef Stipp, die eerste Wes-Duitser wat 'n Alexander von Humboldt-stipendium vir navorsing in 'n geesteswetenskaplike studierigting in Suid-Afrika verower het. Hy staan hier op die Jan Marais-plein naby die ingang van die J. S. Gericke-biblioteek.

Onder die personeel wat toekennings vir lang diens gekry het, is mnre. P. J. Lombard (direkteur van ontwikkeling) en T. G. D. van Schalkwyk (registrateur, finansies), prof. J. W. R. de Villiers (vise-rektor, bedryf en studente-aangeleenthede) en die twee personeellede met die langste dienstydperke, mnre. D. Erasmus van die Afdeling Instandhouding (48 jaar) en W. H. van Kerwel van die Welgevallen-proefplaas (47 jaar).

Die vier vroue wat vir lang diens vereer is: mej. E. H. T. Cluver, dr. B. M. Wiid en mej. H. A. A. van Dijk (senior lektrise in onderskeidelik musiek, liggaamlike opvoedkunde en snel- en tikskrif) asook mej. A. G. Grobbelaar (assistent tegniese beampte, Departement Geskiedenis). Van hulle het mej. Grobbelaar die langste dienstyd (byna 39 jaar).



Vier dekane wat vir lang diens vereer is, is proff. A. Coetsee (waarnemend vir 1985, ingenieurswese), H. A. Louw (landbouwetenskappe), D. E. W. Schumann (uittredend, handel en administrasie), A. Nel (lettere en wysbegeerte) en I. J. van Biljon (nuwe dekaan van handel en administrasie). Prof. Schumann is die dosent met die langste dienstyd (39 jaar).

58 werk 2 075 jaar by U.S.

Die Universiteit het onlangs 58 personeellede wat dienstydperke van minstens dertig jaar het, vereer. Dit is die eerste keer dat US-personeel toekennings vir lang diens kry.

Elkeen het 'n sertifikaat en 'n geskenk of kontantbedrag van die Rektor en Vise-Kanselier, prof. M. J. de Vries, by 'n funksie in die Langenhoven-studentesentrum ontvang.

Saam werk hulle reeds 2 075 jaar by die US. Minstens 34 werk al meer as 35 jaar by die Universiteit — waarvan sewe meer as veertig jaar. Slegs vier van die 58 is vroue. Altesaam 27 is doserende personeellede, terwyl 23 Kleurlingpersoneellede is.

Die twee met die langste diens is mnre. D. Erasmus, meestervakman in die Afdeling Instandhouding (met 48 jaar diens), en W. H. van Kerwel, senior plaasassistent op die Welgevallen-proefplaas (47 jaar). Daarna volg mnre. C. F. Carstens (Instandhouding) en J. Stuurman (Fisika), elk met 42 jaar diens, en die blanke met die langste diens, mnr. T. G. D. van Schalkwyk (registrateur, finansies), met 41 diensjare agter die rug. Prof. D. E. W. Schumann, uittredende dekaan van handel en administrasie, is die dosent met die langste dienstydperk (39 jaar).

Onder die ander senior personeellede wat toekennings gekry het, is die vise-rektor (bedryf en studente-aangeleenthede), prof. J. W. R. de Villiers, die direkteur van ontwikkeling, mnr. P. J. Lombard, en nog vier dekane, proff. A. Nel (lettere en wysbegeerte), H. A. Louw (landbouwetenskappe), A. Coetsee (waarnemend vir vanjaar, ingenieurswese) en I. J. van Biljon (vanaf 1986, handel en administrasie).

Nog twaalf professore en twee medeprofessore het toekennings gekry. Vier van hulle spog elk met 38 US-diensjare: Proff. C. A. Smith (rekeningkunde), F. M. Engelbrecht (fisiologie en geneeskundige biochemie), J. J. Degenaar (politieke filosofie) en R. H. Behrens (musiek). □

Prof. Van Biljon

Prof. Claassen

Prof. Du Ry

Die Burger

BEVORDER EN AANGESTEL

Prof. I. J. van Biljon, hoof van die Departement Bedryfsielkunde, is aangestel as nuwe heeltydse dekaan van Handel en Administrasie. Hy volg prof. D. E. W. Schumann op, wat einde Desember aftree.

Nog 'n senior bevordering is dié van prof. W. T. Claassen, mede-professor in Semitiese Tale, wat professor word. Hy volg prof. F. C. Fensham op, wat ook aftree.

Senior dosente wat vanaf Januarie by die Universiteit aangestel word, is prof. P. H. Kapp van die Randse Afrikaanse Universiteit, as professor in geskiedenis, en prof. C. du Ry van die Universiteit van Kaapstad, as hoof van die Departement Beeldende Kunste en direkteur van die US-Kunsmuseum.

Mnr. A. S. Jordaan is bevorder tot senior lektor in didaktiek en dr. G. Holz tot senior lektor in plantpatologie. Dr. J. S. Coulton is as senior lektor in Engels aangestel en dr. G. L. de Kock as senior lektor in Afrika-studie. Mnr. C. Boucher (Botanie), mnr. L. van Wyk (wiskunde) en ds. D. J. Momberg (sielkunde) is as lektore aangestel.

Prof. Van Biljon is aan die Onderwyserskollege op Graaff-Reinet opgelei voordat hy op Stellenbosch verder gestudeer het. Hy het onder meer twee meestersgrade en 'n doktorsgraad verwerf. In 1948 is hy aan die US aangestel en in 1964 het hy professor en hoof van die Departement Bedryfsielkunde geword. Gedurende 1972-1973 was hy deeltydse dekaan van Handel en Administrasie.

Prof. Claassen het in 1965 aan die US begin studeer en slegs ses jaar later 'n doktorsgraad in Semitiese Tale verwerf. In 1974 het hy ook die Lisensiaat in Teologie behaal. Vir sy briljante akademiese loopbaan is die Kanseliersmedalje aan hom toegeken. In 1971 is hy as dosent aangestel en in 1981 tot mede-professor bevorder. Vanaf 1975 was hy ses jaar inwonende hoof van Dagbreek.

Hy het talle buitelandse studiebesoeke gebring, insluitende twee keer met die gesogte Wes-Duitse Alexander von Humboldt-stipendium.

Prof. Kapp het BA, honneurs en MA met lof aan die US verwerf asook SOD en in 1975 'n doktorsgraad. Hy het ook 'n MA-graad aan die Universiteit van Reading behaal.

Voordat hy in 1972 as dosent aan die RAU aangestel is, was hy onderwyser aan die Paul Roos-gimnasium op Stellenbosch, navorser van die ATKV se Instituut vir Volkskultuurnavorsing en dosent in geskiedenis aan die Universiteit van Port Elizabeth. Hy is die skrywer van twee en medeskrywer van drie boeke, asook medewerker aan 'n reeks televisieprogramme.

Prof. Du Ry is in Nederland gebore en het aan die Ecole du Louvre en die Sorbonne in Parys gestudeer. Vanaf 1952 was hy verbonde aan die Ecole des Beaux Arts in Parys asook aan die Koninklike Etnologiese Museum en die Rijksuniversiteit in Leiden. Gedurende 1960-1970 was hy direkteur van historiese museums in Rotterdam. In 1959 en 1960 was hy mede-leier van 'n argeologieprojek in die Nederlands-Karibiese Eilande, Venezuela en Trinidad en Tobago.

In 1973 het prof. Du Ry direkteur van die SA Nasionale Kunsmuseum in Kaapstad geword en sedert 1975 is hy hoof van die Departement Wes-Europese Kultuurgeskiedenis aan die UK. Hy is die Kaapstadse voorsitter van Alliance Française. Die Orde van die Palmes Académiques is in 1980 en die Erepenning van die stad Parys in 1983 aan hom toegeken. □

Oud-Matie een van die wêreld se grootste wingerd-boere



Stevie Smit in die kelder onder sy huis waar 'n groot versameling wyne gebêre word.

In die telefoongids onder Koelenhof staan: Smit W. S. Koopmanskloof 305, en 'n hele boel ander nommers waar jy hom moontlik kan opspoor. Vat jy die pad in die rigting van Kuilsrivier tussen groen wingerde deur, kry jy die uithangbordjie: Koopmansklooflandgoed. 'n Geplaveide oprit neem jou tot voor die imposante Kaaps-Hollandse huis. Op die gewel staan 1801 en jy weet jy's op geskiedkundige grond — Stevie Smit se grond.

Ná die kennismaking begin die gesprek so voel-voel, asof hy nie wil vertel van sy studentedae en die sukses wat hy al gesmaak het nie.

Hy was van 1945 to 1948 op Stellenbosch vir sy landbougraad. Tuisgegaan in die "House of Lords". Dosente wat 'n groot invloed op sy lewe gehad het, was mense soos dr. Con de Villiers en prof. C. J. Theron. Vir dr. Con onthou hy as 'n besondere mens — 'n man wat lekker hard en gesellig aan die eettafel kon gesels. Dit was ook by hom dat studente Sondae ná ete na plate kon gaan luister . Dit moes ná vier in die middag geskied, want dr . Con het van harde musiek gehou. Die meeste ander bewoners het dan hul middagslapie gehad.

Oor die boerdery sê hy: "Om 'n groot boerdery op te bou, moet jy waagmoed hê sowel as ondernemingsgees en jy moet hard kan werk."

Hy begin vertel van sy oorsese besoek in 1961. "Op daardie besoek aan Duitsland het my oë oopgegaan. Ek het skielik besef daar is nog geleenthede in Suid-Afrika. Oorsese wynboere werk baie harder as ons op klein stukkies grond. Dit het my meer perspektief gegee oor ons omstandighede. Ek het besef ons is bevoorreg. Jy weet, oorsee staan die vrou saam met die man op die land . . ."

In 1963 het hy toe begin om sy belange uit te brei. In dié jaar het hy die plaas Watergang gekoop. Daarna het 'n hele rits gevolg: Lurene in 1964, Nuwerus in 1967, Alpha in 1969, Marbon en Dennegeur in 1973, Dewaalshof in 1980, Bellvue wat vernoem is na Houd de Mond in 1982 en Vredehoek in 1983. In 1975 het hy Lurene en Nuwerus weer verkoop.

"Dit was almal verwaarloosde plase. Dit het my baie plesier gegee om hulle te beplan en weer op te bou. Dit was een van my lewensideale om die plase op te knap ten spyte van vele probleme," sê hy.

Maar Stevie Smit het ook ander belangstellings. Hy is besonder trots op sy aandeel in die ontwikkeling van die gesogte wingerdkruinwandelroete. Hy is die eerste om te sê iemand anders was die vader van die gedagte. "Ek en 'n paar vriende het die voorgenome roete gestap en besluit om die Stellenbosse reklamevereniging in die saak te betrek. Ons kon die afdelingsraad oortuig dat so 'n roete lewensvatbaar is, en die raad om finansiële steun genader om die roete begaanbaar te maak. Die roete van sowat 22 kilometer strek van Stellenbosch na Kuilsrivier bo-op die heuwels deur wingerde en fynbos met 'n asemrowende uitsig oor die Hottentots-Hollandberge, Stellenbosch-omgewing en die see."

"Die byval wat die staproete by natuurliefhebbers gevind het, het ons laat besluit om 'n tweede staproete te beplan. Dit sal 'n wandelroete in die omgewing van Simonsberg wees. Alles is egter nog nie gefinaliseer nie," sê Stevie.

Kry hy tyd vir ontspanning? "Ja, beslis. Ek sien altyd uit daarna om na my berghuis bo-op Bottelarykop te gaan." Die huis het hy baie naby die wingerdwandelroete op die kruin van Bottelarykop gebou. Dis 'n argitekontwerpte siersteenhuis wat uiters funksioneel is. Dit bied nie net wegkomkans vir die baas van Koopmanskloof nie, maar is ook 'n uitspanplek vir die plaasbestuurders in sy diens. Verskeie onthale is ook al in die skilderagtige omgewing gehou.

Koopmanskloof is al sedert 1896 in die Smitte se besit. Die geskiedenis van die plaas strek so ver terug as 1702 toe die plaas Bottelary gegee is aan ene Jan Rotterdam. In 1777 is Koopmanskloof afgesny. Daarna was dit in die besit van Bosmans voordat die Smitte beheer oorgeneem het.

Koopmanskloof was van 1972 to 1975 deel van die wynroete. Sedertdien is dit een van die agtien landgoedere wat in vennootskap met die Bergkelder is. Sy wyne maak hy op die plaas klaar terwyl die Bergkelder die bottelering en bemarking doen. Slegs 'n klein persentasie van die oes word onder koopmanskloof se etiket verkoop.

Hoe beskryf 'n mens die suksesverhaal van een van die wêreld se grootste wingerdboere? Jy onthou sy opmerking: "As jy nie plesier put uit jou beroep nie, mis jy die sin van die lewe — ek geniet my boerdery." Dit sê mos alles omtrent die man . . . □

NAVORSING HELP S.A. SE 'TONNELBOERE'

Navorsing gaan in die Departement Akkerbou en Weiding gedoen word oor die kwaliteit, voedingswaarde en veral die gesondheidsaspekte van groente wat onder beskerming gekweek word. Sowat vyftig boere en ander mense met 'n belangstelling in dié snelgroeiende boerderyvertakking het reeds R60 000 vir die navorsing belowe.

Die departement doen reeds die afgelope elf jaar navorsing oor die verbouing van groente onder beskerming. Mnr. Peter Maree, die navorsingsleier, word as een van die voorste deskundiges op die gebied in Suid-Afrika beskou. Die meeste van die navorsing hieroor word by die US gedoen.

Om op die hoogte te bly met die nuutste kennis oor "tonnelboerdery" het mnr. Maree vier buitelandse studiereise onderneem. Hy het Israel, Frankryk, Brittanje, Ierland, Wes-Duitsland, Denemarke en Nederland besoek.

Die departement bied gereeld lesings en simposia in ander dele van die land aan en is baie betrokke by die Vereniging vir Groente onder Beskerming, wat in Oktober sy jaarkongres by die universiteit gehou het.

Dié boerdery kom hoofsaaklik in Wes- en Oos-Kaapland, Natal en Oos-Transvaal voor, aan die kus of in ander streke met 'n matige klimaat. Dit is waarskynlik die boerderybedryf met die intensiefste gebruik van arbeid en grond. Mnr. Maree sê die meeste boere gebruik kwalik 'n hektaar vir 'n yslike, grootskaalse boerdery.

In die beginjare is die groente in die grond geplant, maar deesdae word feitlik net houers gebruik — en selde met grond daarin. In Wes- en Oos-Kaapland en Oos-Transvaal word vars dennesaagsels meestal in die houers gebruik en in Natal ook gekomposteerde dennebas. Net die regte hoeveelhede voedingstowwe word dan saam met die water toegedien. Uitstekende siektebeheer kan ook toegepas word.

Tamaties en komkommers word meestal verbou. Oor die gehalte hiervan kan mnr. Maree nie uitgepraat raak nie. Hy meen die bedryf het 'n rooskleurige toekoms, veral omdat dit die oplossing bied vir 'n groeiende bevolking wat al meer kos nodig het terwyl die beskikbare landbougrond al minder word.

Vir voornemende boere het hy egter 'n ernstige waarskuwing. "Die mark vir dié produkte is nog baie beperk en die hele bedryf kan in duie stort as te veel produsente skielik begin inklim. En onthou, die produksiekoste is baie hoog, maan mnr. Maree.

"Dit is waarom die departement sy navorsing oor dié boerderyvertakking uitbrei na navorsing oor die kwaliteit, voedingswaarde en gesondheidsaspekte van die groente. Die geld wat vir hierdie navorsing geskenk is, sal ons help om kennis te verkry wat vir die bedryf se gesonde groei en ontwikkeling noodsaaklik is." □



Mnr. Malcolm Baxter (tweede van regs), Pick 'n Pay se senior verkoopsbestuurder, het in Oktober toe die jaarkongres van die Vereniging vir Groente onder Beskerming by die Universiteit gehou is, namens sy firma R10 000 aan prof. Eddie Laubscher oorhandig vir die Departement Akkerbou en Weiding se navorsing oor "tonnelboerdery". Links is mnr. Peter Maree, die navorsingsleier, en regs mnr. Tex de Swardt van die Departement Ontwikkeling.

Mev. Luna de Swardt van die Departement Akkerbou en Weiding by trosse tamaties aan plante wat dakhoogte dra in een van die departement se plastiektonnels op Welgevallen.

Twee jong Argentyne, afstammelinge van die Afrikaners wat ná die Tweede Vryheidsoorlog Argentinië toe geëmigreer het, het die Universiteit onlangs besoek. Die Departement Nasionale Opvoeding het hulle Suid-Afrika toe genooi en die FAK was hul gasheer. Oud-Matie mej. Elmarie de Bruyn (middel), wat in 1984 nog 'n student op die kampus was en hulle deur die land vergesel het, is hier in die Langenhoven-studentesentrum by dié twee, Letitia Botha en Andries Venter.

Met die nommers op hierdie skets kan 'n mens dié 41 universiteitsgeboue en die Marais-plein op die voorbladfoto uitken:

1. Eendrag
2. Helshoogte
3. Ou Mutual-sportsentrum
4. Irene
5. Huis van Niekerk (Sonop)
6. Majuba
7. Huis Visser
8. Huis Marais
9. Simonsberg
10. Dagbreek
11. Minerva
12. Lydia
13. Huis ten Bosch
14. D. F. Malan-gebou (Anatomie en Fisiologie)
15. C. G. W. Schumann-gebou (Handel en Administrasie)
16. Van der Sterr-gebou
17. H. F. Verwoerd-gebou
18. De Beers-gebou (Chemie)
19. Instituut vir Polimeerwetenskap
20. J. S. Marais-gebou (Landbou)
21. Konservatorium
22. J. C. Smuts-gebou (Biologiese Wetenskappe)
23. Merensky-gebou (Fisika)
24. Langenhoven-studentesentrum
25. A. I. Perold-gebou (Landbou)
26. Beeldende Kunste
27. J. H. Neethling-gebou (Ou Landbougebou)

Derde "aftrede" op 85

Op Vrydag 30 Augustus 1985 het Oud-Matie P.G.J. du Toit van Pretoria sy kantoordeur vir die laaste maal agter hom toegetrek. Oom Piet, soos almal hom daar ken, het ná 'n werktermyn van 63 jaar vir die derde keer "afgetree."

Hy is in Augustus 1900 in die distrik Calvinia gebore. As standerd vierleering gaan hy in 1913 na die Hoër Jongenskool op Stellenbosch, waar hy in die 0.17-span saam met die latere Springbokke Mannetjies Michau en Kenny Starke rugby speel.

Ná matriek in 1918 studeer hy tot 1921 aan die US, verwerf BA, hou vir 'n jaar skool op Lydenburg en keer in 1923 met spesiale verlof terug Stellenbosch toe vir die 01-diploma.

Hy was hoof van verskeie skole en later inspekteur van die Transvaalse Onderwysdepartement. Toe hy in 1965 aftree-ouderdom bereik, wou hy nie ophou werk nie en word in 'n tydelike hoedanigheid taalversorger vir dié departement — 'n pos wat hy 14 jaar beklee het.

Ná sy tweede "aftrede" in 1979, en sy 79 jare ten spyt, begin hy toe weer op 1 Januarie 1980 tydelik in die taalafdeling van die Weermag werk — tot hy op 85 finaal opgehou werk het.

Hy is nog baie aktief, gaan stad toe met die bus maar ry andersins rond met sy motor — en ná 63 jaar in Transvaal skree hy nog vir die WP! □

40% MEER VIR BEUI

Vanaf 1986 verhoog die Universiteit sy voorgraadse beurse met bykans veertig persent. Veral merietebeurse en beurse vir behoeftige studente sal voortaan groter wees, sê die Rektor en Vise-Kanselier, prof. Mike de Vries.

Voornemende eerstejaarstudente wat 80% en hoër in hulle skooleindeksamen behaal het, kan aansoek doen om 'n merietebeurs wat wissel van R500 tot R2 000. Die maksimum wat in 1985 toegeken is, was R1 000.

Merietebeurse vir senior studente lyk ook heelwat aanlokliker. Alle voorgraadse seniors wat 'n gemiddeld van 70% of hoër behaal het, kwalifiseer vanselfsprekend vir dié beurse. 'n Senior student met 'n gemiddeld van 95% of hoër sal geregtig wees op 'n beurs van R2 500 per jaar. Vir 'n gemiddeld van tussen 80 en 84,9% word 'n beurs van R1 000 per jaar toegeken en vir tussen 70 en 74,9% gemiddeld is daar jaarliks R400 beskikbaar. Dié beurse het onderskeidelik R1 100, R450 en R200 bedra.

Prof. De Vries het gesê hy is verheug dat die US ook meer kan doen vir studente wie se ouers swaar getref is deur die ekonomiese slapte en nie in staat is om vir hulle kind se opleiding te betaal nie. Vir behoeftige voorgraadse studente is Eeufeesbeurse wat van R300 tot selfs R1 000 per jaar (in uitsonderlike gevalle) wissel, vir vier jaar, beskikbaar.

Die maksimumbedrag vir lenings is verhoog van R700 tot R900 per jaar. Vir die duur van die studie is dié lenings rentevry en wanneer terugbetaling begin word, is dit teen 'n rentekoers van net ses persent.

Die Universiteit het ook sy leierskap-

Ken dié geboue uit



28. Huishoudkunde
29. Bedryfsielkunde
30. Jan Marais-plein
31. Ingang van J. S. Gericke-biblioteek (onder Marais-plein)
32. Administrasie-anneksgebou
33. Natuurwetenskappe
34. Carnegie-gebou
35. Hoof-Administrasiegebou
36. Kamer van Mynwese-gebou (Geologie)
37. R. W. Wilcocks-gebou (Lettere en Wysbegeerte)
38. B. J. Vorster-gebou (Lettere en Wysbegeerte)
39. G. G. Cillié-gebou (Opvoedkunde)
40. Ou Hoofgebou
41. C. L. Marais-biblioteek (Argeologie)
42. Dramagebou en H. B. Thom-teater

Die dertigtal ander belangrike Universiteitsgeboue op Stellenbosch wat nie op die voorbladfoto gesien kan word nie, sluit in die D. F. Malan-gedenksentrum, LO-gebouekompleks, Jannie Marais-huis, Danie Craven- en Atletiekstadionne asook verskeie klubhuise op Coetzenburg, die Veekundegebou (ou plaasopstal) en ander geboue op die Welgevallenproefplaas, die Ingenieurs- en Bosboukomplekse, Ou Konservatorium, Kweekskoolgeboue, Kunsmuseum, manskoshuise Wilgenhof en Helderberg en vrouekoshuise Monica, Harmonie, Huis de Villiers, Heemstede, Nerina, Erica, Nemesia en Serruria.

RSE

se verbeter. Dié word eenmalig ken aan studente wat hoofseun ogter op skool was. Die bedrag van 1986 af ter sprake is, bedra . Aansoekvorms hiervoor moet ie Registrateur (Akademies) aan- word.

Universiteit is baie jare al van die universiteite in die land wat se aanbied vir 'n vierde kind uit lfde huis. Ook dié beurs is ver- — dit bedra nou R400 per jaar ie duur van die kursus. Soos met skapbeurse geskied toekenning outomaties nie — aansoekvorms by die Registrateur (Akademies) evra word.

ner beurse is ook van 1986 af vir nemende predikante beskikbaar. US sal aan studente wat die BA ogiekursus volg op 'n rand-vir-basis 'n beurs tot 'n maksimum R300 gee. □

Dr. Danie Craven het sy 75ste verjaardag op 11 Oktober gevier. Die Wilgenhoffers het dit reeds einde September gevier en 'n brons borsbeeld van "Dok" — geskenk deur die Oos-Kaaplandse Bond van Oud-Wilgenhoffers — is toe by die koshuis onthul. Hy was byna 27 jaar Wilgenhof se inwonende hoof.

Prof. J. A. Wiid

Dr. Jan Stegmann

Dr. A. J. Beyleveld

BEMAKINGS HELP U.S., BEHOEFTIGE STUDENTE

Bemakings help die Universiteit om navorsing te doen of aan belowende, behoeftige studente die kans te gee om verder te studeer.

In die afgelope elf jaar het die Departement Ontwikkeling bemakings ten bedrae van sowat R28 miljoen gefinaliseer.

Mense bemaak ook nie net geld — vir beurse, navorsing of ander doeleindes — aan die US nie. In die afgelope jare het die Universiteit 'n aantal waardevolle boeke-, kuns- of ander versamelings gekry. Dit neem die eienaars soms jare om sulke versamelings bymekaar te bring en deur dit aan die Universiteit te bemaak, probeer hulle verseker dat dit ná hul dood ook vir andere iets beteken én vir die nageslag in bewaring gehou word.

Geen bemaking is te klein of te onbelangrik nie en daar is 'n wye verskeidenheid maniere waarop Oud-Maties en andere die Universiteit kan bevoordeel, sê mnr. Andries Esterhuyse, adjunk-direkteur van Ontwikkeling. Voorbeelde hiervan is:

- 'n *testamentêre bemaking* — wat ongebonde kan wees òf spesiale voorwaardes kan bevat
- 'n *lewenspolis* wat aan die Universiteit gesedeer word
- *aandele of ander beleggings* wat aan die Universiteit oorgedra word, met die verstandhouding dat die Universiteit solank die persoon leef aan hom of haar 'n bepaalde inkomste uit die belegging betaal
- *lenings* teen 'n lae rentekoers aan die Universiteit, met die verstandhouding dat die kapitaal ná die persoon se dood die Universiteit s'n word
- die bemaking van *vaste bates* soos boeke, kunswerke, huise, plase of ander eiendom.

Bemakings aan die Universiteit is van boedelbelasting vrygestel.

Die Universiteit het onlangs weer voordeel getrek uit 'n aantal boedels, van Oud-Maties én mense wat nie 'n direkte verbintenis met die US gehad het nie. Voorbeelde hiervan is:

Prof. J. A. Wiid, wat op 89-jarige leeftyd op Stellenbosch oorlede is. Hy was meer as dertig jaar geskiedenisdosent aan die US en het letterlik duisende oud-studente dwarsdeur die land. Uit sy boedel het die Universiteit 'n bedrag vir die Eeufeestrustfonds ontvang.

Dr. Jan Stegmann, Bloemfonteinse Oud-Matie, wat voor sy heengaan einde verlede jaar die oudste lewende Springbok-rugbyspeler was. Volgens mnr. Esterhuyse het dr. Stegmann dikwels aan hom gesê. "Al is dit net 'n paar rand, vat dit, want dit kom uit 'n trotse en dankbare Matiehart."

Mej. A. E. Rosenzweig, wat in Augustus in die Strand oorlede is, het feitlik haar hele boedel aan die Universiteit laat toekom. Dit word gebruik vir studentebeurse, waarvoor die Universiteit gedurig groot bedrae nodig het. Sy is in 1922 op Bethlehem gebore en het dertig jaar by Barclays Bank in Johannesburg gewerk. In 1980 het sy in die Strand afgetree.

Hoewel nie 'n Oud-Matie nie, het dit haar altyd na aan die hart gelê om vir Stellenbosch se studente iets te beteken. "Al het haar gesondheid die afgelope jare baie verswak, was sy blymoedig en het hoë ideale vir die jong mense gekoester," sê mnr. Esterhuyse.

Mnr. E. C. Rood, 'n oujongkêrel uit die Moorreesburg-omgewing, wat in Julie op 70-jarige ouderdom oorlede is. As jong man was hy 'n mynwerker aan die Rand, maar het later na sy "wêreld" teruggekeer en hom op Langebaan

aan die Weskus gevestig. Met sy dood het hy in Huis Wittekruin, Vredenburg, gewoon. Sy bemaking is ook ten bate van die Eeufeestrustfonds.

Mej. E. M. Liebenberg is in Januarie in Kaapstad oorlede. Sy het 'n bedrag nagelaat vir navorsing deur die Afdeling Sitologie in die Departement Verloskunde en Ginekologie. Mej. Liebenberg is op Piketberg gebore. Ná die dood van haar ma, wat sy vir jare versorg het, het sy op Worcester gaan bly en 'n ware steunpilaar in die personeel van die skool vir blindes geword.

Mev. M. C. Badenhorst, weduwee van kol. C. J. Badenhorst van die gevangenisdiens, is in Oktober in die Strand oorlede. Hy was met sy aftrede in bevel op Robbeneiland. Hulle vriendskap met 'n lojale Oud-Matie het gelei tot hulle bemaking aan die Universiteit, vir die Eeufeestrustfonds.

Dr. A. J. Beyleveld, wat einde verlede jaar op 82-jarige leeftyd op Stellenbosch oorlede is, het met sy testament sy Alma Mater baie ruim bevoordeel. Hy was in 1925 een van die eerste studente wat BCom aan die US verwerf het en was met sy aftrede onderhoof van die Afdeling Ekonomie en Bemarking in die destydse Departement Landbou-Ekonomie en -Bemarking.

Mev. Babs Beyleveld, sy weduwee, behou die vruggebruik van die kapitaal van die boedel. Haar pa was mnr. A. F. ("Oubaas Mark") Markötter, eertydse Matie-rugby-afrigter en sy is 'n baie lojale oud-student en donateur van die US. Sy skenk byvoorbeeld jaarliks geld vir die Minnie Markötter-beurs, ter nagedagtenis aan haar oorlede ma. Dit word toegeken aan 'n vrouestudent wat op akademiese en sportgebied presteer.

Mnr. Esterhuyse beskryf die egpaar as "baie jare lank kragtige steunpilare in die stilte vir die Universiteit".

Mnr. N. M. Dekker (77), wat in Pretoria, Oos-Londen en Bellville gewoon en vir die Departement Vervoerwese gewerk het, was nie 'n Oud-Matie nie maar het 'n baie hoë agting vir die Universiteit gehad en gevolglik 'n ruim bedrag aan die US nagelaat. Sy seun, mnr. L. D. Dekker van die Departement Staatkundige Ontwikkeling in Pretoria, het BA en LLB op Stellenbosch verwerf.

• Mense wat bemakings aan die Universiteit beoog, of inligting oor boeke-, kuns- en ander skenkings wil hê, kan mnr. Esterhuyse (of mnr. Sunley Uys) by die Departement Ontwikkeling bel by telefoonnommer (02231) 7-7645. □



By die Departement Akkerbou en Weiding se nuwe mikrovermouter is die departementshoof, prof. Eddie Laubscher, mnre. Dennis van Aarde, hoofbestuurder van die Koringraad, en Sarel Cillie, die raad se voorsitter, dr. O. T. de Villiers, senior navorser van die departement, en mnr. Ivan Hemmingway, adjunk-hoofbestuurder van die Koringraad.

Mikrovermouter vir beter bier

Die Departement Akkerbou en Weiding het onlangs 'n outomatiese mikrovermouter in gebruik geneem. Dit is deur die Universiteit se Buro vir Meganiese Ingenieurswese gebou. Die Koringraad het die geld vir die materiaal geskenk.

Prof. Eddie Laubscher, hoof van die departement, sê 48 garsmonsters van 50 gram elk kan op 'n slag gekweek en in stappe gedroog word vir die oorskakeling van die stysel in die garskorrels na oplosbare suikers.

Hierna word die gemoute gars gemaal vir die bepaling van moutekstrak en 'n reeks biochemiese toetse wat uitgevoer word onder leiding van dr. O. T. de Villiers, senior navorser in die departement.

Omdat gars uitsluitlik vir die maak van bier geproduseer word, word garsmonsters van alle soorte eksperimentele behandelings vir biochemiese kwaliteitsontleding mikrovermout.

"Die eise wat aan moutgars vir goeie bier gestel word, is onder meer medium tot lae stikstofinhoud en goeie ontkiemingsvermoë. Stikstofbemesting moet oordeelkundig geskied om 'n goeie opbrengs vir die boer te verseker en om 'n bevredigende stikstofinhoud in die korrel te waarborg," sê prof. Laubscher.

Te veel stikstof in die korrel kan veroorsaak dat die bier wasig voorkom omdat onopgeloste aminosure nie behoorlik gefermenteer is nie. Hoë heersende temperatuur met die sny en uitdroog van gars benadeel ontkieming. Dié eienskappe word oorgedra na die graansuier, wat vervroegde uitloop in die bergingstyd veroorsaak.

"Om moutgars se voortreflikheid ten opsigte van dié nadelige eienskappe te evalueer, moet gars wat verskillende stikstofbehandelings, sny- en oesbehandelings en bergingsprosedures deurgegaan het, mikrovermout word", se prof. Laubscher. □

OUD-MATIES VOLOP BY REUSE-WELSYNSDIENS

Net buite Umtata, hoofstad van Transkei, is Efata, die grootste skool vir dowes en blindes in Suider-Afrika. Dit is ook die oudste en een van die grootste projekte van Mfesane, 'n buitengewone barmhartigheidsdiens wat in Transkei, Ciskei en Oos-Kaapland 'n reusetaak verrig.

Sedert Efata se ontstaan 27 jaar gelede het dit gegroei tot 'n simbool van hoop vir dowe en blinde swart kinders in die hele Suider-Afrika. Dit was ook die begin van Mfesane, wat nou 20 werkverskaffings- en welsynsprojekte beheer, 'n uitgawe-begroting van miljoene rande het en werkgeleenthede in fabrieke en werkwinkels verskaf aan nagenoeg 1 200 mense, asook 'n heenkome aan 800 dowes, blinde, kreupel en ander gestremde, hawelose kinders.

Mfesane (dié Xhosa-woord beteken barmhartigheid) is vanjaar tien jaar oud.

As kerklike organisasie, tot stand gebring deur die NG kerke-familie, het dit baanbrekerswerk gedoen met die vestiging van nywerhede en ander ondernemings waar mense in nood gehelp word om ekonomies bedrywig te word. Letterlik duisende mense, veral in die landelike gebiede van Transkei en Ciskei, word bevoordeel deur 'n aantal nuwe gemeenskapsontwikkelingsprojekte wat pas aangepak is.

Oral by Mfesane is dit opvallend hoeveel Oud-Maties hier werk.

Aan die hoof van die organisasie is ds. Almero Cloete, besturende direkteur, wat gedurende 1960–1966 aan die US gestudeer het en primarius van Huis Visser was. Ná tien jaar as predikant van die NG Kerk in Afrika werk hy sedert 1977 heeltyds by Mfesane.

Die hoof van Mfesane se Transkeistreek (waaronder die Efata-skool) is ds. G. P. (Haas) Burger, wat in 1951 as predikant op Stellenbosch afgestudeer het, sedert 1981 deeltyds vir Mfesane begin help het en nou streekbestuurder van al sy Transkei-projekte is.

Mnr. Steenkamp Vorster (BA en SOD, middel-sestigerjare aan die US) is Mfesane se kommunikasie-direkteur. Hy en ds. Cloete was "Snoektown"-koshuismaats en het in 1965 saam 'n huistoer na Mosambiek, Malawi en Rhodesië gereël. Mnr. Vorster is sedert twee jaar gelede by Mfesane. Voorheen was hy onder meer 'n SA diplomaat is Swede, eerste hoof van die Mediese Navorsingsraad se afdeling openbare betrekkinge en reklamebestuurder by Sanlam se hoofkantoor in Bellville.

Mnr. Flip Oosthuysen het ná sy aftrede as Afrika Studie-dosent op Stellenbosch aan die begin van vanjaar met sy gesin King Williams Town toe verhuis om vir Mfesane te werk. Sy broer, ds. Koos Oosthuysen (oud-SR-lid en -BTK-voorsitter, afgestudeer in 1957) is 'n direkteur van Mfesane en heeltydse Bybelvertaler van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Hy werk aan die nuwe Xhosa-vertaling.

Ds. Cloete se ouers, ds. Ockie en mev. Erika Cloete, het ook albei 'n verbintenis met Mfesane. Sy het onder meer tot 'n jaar gelede Mfesane se donasie-organisasie behartig. Hy is 'n oud-Dagbreker en die tweede oudste lid van die Klub van Oud-SR-voorsitters. Sy was 'n nooi Perold, die eerste vrouestudent wat die graad BA in Maatskaplike Werk aan die US verwerf het. Albei het MA-grade in die dertigerjare op Stellenbosch behaal.

Ander Oud-Maties by Mfesane is mnr. Pierre Meyer, hoof van die Efata-skool (oud-Wilgenhoffer, afgestudeer in 1963) en sy vrou, Julanda (oud-Lydianer, biblioteekkunde, 1971). Mnr. Carel le Roux (BA-admissie, 1979) is onderwyser aan die Vukuhambe-skool vir kreupeles en het Mfesane se Kumkani-pottebakkery gevestig, wat elke jaar by die Sendingweek-uitstalling op die Matie-kampus baie aandag trek. □

Van die Oud-Maties wat die wiele aan die rol hou by die reuse-barmhartigheidsorganisasie, Mfesane, is mnr. Flip Oosthuysen, dii. Almero en Ockie Cloete, mev. Erika Cloete, dii. Koos Oosthuysen en Haas Burger en mnr. Steenkamp Vorster.

REÜNIES in NATAL

Die direkteur van sport, mnr. Butch Lochner (derde van links), was die geleentheidspreker by Oud-Matie-saamtrekke op Empangeni en Dundee. Hy is hier op Empangeni by prof. Johan de Villiers en sy vrou, Cecile, dr. Gertjie Brynard en sy vrou, Rhoda, mev. Lorraine Visser (agter), prof. Jasper Visser en mnre. Thys Swart en Lourens Badenhorst.

Bo: Mense van Newcastle by die saamtrek op Dundee is Peet en Rosemarie Adendorff, Dennis en Annette Fraser, Imke en Penny Botha, Butch Lochner, en Ida en Piet Burger.

Regs bo: 'n Groepie Vryheidse Oud-Maties by die Dundee-reünie: Gerhard Buchner, Marita Louw, Pottie Odendaal, Minnie Buchner, Japie Louw en Hantie Odendaal.

Onder die "jongklomp" op Empangeni was Frans en Elona van Eetveldt, Ardene Ollinger, Chris Botha, Willie Badenhorst, Folke Wever en Hettie Badenhorst.

US kry Schlengemann-dokumente

Dié begaafde man kon diep spore getrap het

Ernst Schlengemann kon 'n bekende naam geword het. Dié talentvolle, veelsydige Oud-Matie kon diep spore getrap het as letterkundige, kultuurleier, geskiedskrywer, koerantredakteur of politikus — was dit nie vir sy skielike dood in 1930 in Windhoek nie.

Hy was toe 25. Op 24 het hy die setel Windhoek-Sentraal vir die Parlement betwis. Op 22 het hy die redakteur van 'n Afrikaanse koerant, *Die Suidwes-Afrikaner*, geword.

En nog voor hy twintig was, as student in Dagbreek op Stellenbosch, het hy 'n drama, *Die drie Van der Walts*, geskryf wat vandag ná meer as 60 jaar nog gereeld opgevoer word. Dit is eers ná sy dood uitgegee, saam met nog twee werke, *In die gewoel* (ook 'n drama) en *Gedigte*.

Dat hy vir dié bydraes tot die Afrikaanse taal onthou word, weerspieël iets van Schlengemann se uitsonderlike skryftalent en sy liefde vir dié taal, want Afrikaans was nie sy moedertaal nie. Dit was sy derde taal. Hy het grootgeword met Duits en Engels, die seun van 'n Duitser uit Bremen en 'n Britse meisie, Jeannie Allester, uit Londen.

Ernst Allester Schlengemann is in Kaapstad gebore. Tot hy tien was, met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, was sy pa 'n welvarende sakeman in die Moederstad. Vanweë sy Duitse herkoms is Schlengemann snr. geïnterneer en finansieel geknak. Die gesin verhuis na Ceres en later Stellenbosch, waar Ernst in mnr. Paul Roos se seunskool matrikuleer en 'n beurs verwerf om aan die universiteit te studeer.

Reeds as eerstejaar onderskei hy hom as sekretaris van die Debatsvereniging. Die jaar daarop word hy redakteur van *Die Stellenbosse Student*, waarin van sy hekeldigte verskyn het. As knap student verwerf hy 'n Rhodesbeurs nadat hy in 1925 BA behaal het, maar hy besluit om nie oorsee te gaan nie. Vir 'n jaar was hy onderwyser, eers op Graaff-Reinet en toe Carnarvon. Op aanbeveling van 'n oud-dosent, prof. Fransie Malherbe, word hy aan die einde van daardie jaar, 1926, die eerste redakteur van Die Suidwes-Afrikaner.

In Windhoek het hy die Afrikaanse taal en kultuur ywerig probeer bevorder, onder meer as stigter van Die Afrikanerkring (wat 'n jaarlikse toneelfees aangebied het) en die Afrikaanse Toneelvereniging. Hy was ook verantwoordelik vir "leesaande" waar Afrikaanse toneelstukke voorgelees is en in 1929 reis hy en 'n vriend, C. J. C. Lemmer, in dié se Model-T-Fordjie na Bloemfontein as Suidwes se verteenwoordigers by die stigtingskongres van die FAK.

In die 1929-verkiesing het hy probeer om as kandidaat vir die jong Afrika-



Bo: 'n Ondertekende foto van Ernst Schlengemann, in 1924 toe hy student was. Dit is deel van die versameling wat aan die US geskenk is. Onder: Sy suster, mev. Hedwig Anderson (links), wat die dokumente geskenk het, en dr. Wynnie Schumann, studentevriendin van "Schleng" wat ná sy dood gehelp het om sy werke te publiseer.

nerparty, die VNSWP, die spanning wat destyds tussen Duits- en Afrikaanssprekendes geheers het, te help opklaar.

Tifuskoors het tot sy skielike dood in 1930 gelei. Daarmee het die jong taal, Afrikaans, ook 'n vurige bewonderaar en bevorderaar verloor.

Twee studentevriendinne uit sy Stellenbosch-dae was saam met prof. Malherbe hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik dat sy drie werke in 1934 uitgegee is. Die een is dr. Wynnie Schumann van Stellenbosch, weduwee van die voormalige US-dekaan van handel en administrasie, prof. C. G. W. Schumann, en die ander dr. Anna Neethling-Pohl van Pretoria.

Prof. Neethling-Pohl onthou nog hoe sy hom op Stellenbosch aangemoedig het om te dig en te skryf en hoe hulle op mekaar verlief geraak het, maar niks daarvan gekom het nie, omdat hy haar nooit gevra het om te trou nie, want "hy was te arm en ek het nie 'n bruidskat gehad nie".

Ander studentevriende van hom was L. C. Steyn, die latere hoofregter, en Johann Buhr, wat SR-voorsitter was toe "Schleng" in 1925 'n lid van die Studenteraad was. Soos Schlengemann was Buhr ook van Duitse afkoms, het hy ook onder mnr. Paul Roos gematrikuleer en ook later 'n koerantredakteur (van *The Times of Natal)* geword. Buhr is ook redelik jonk dood, toe hy veertig was.

Buhr het 'n Matie-legende geword, veral ná die spitsvondige toespraak wat hy as studenteleier in 1925 met die destydse Prins van Wallis (die latere Hertog van Windsor) se besoek aan Stellenbosch afgesteek het.

Die twee Maties het ook saam in 1925 afgestudeer, maar Buhr kon in 1928 teruggaan om LL.B. aan te pak. Schlengemann wou waarskynlik ook, want kort voor sy dood skryf hy dié versie:

Vir my is dit die grootste eer:
Ek het in Stellenbosch studeer!
Maar nou is daardie tyd verby,
Die oue lewe, gul en vry,
Met al sy loaf en lief en leed!
Maar nog in Matieland, ek weet,
Gaan alles steeds sy oue gang —
En hier sit ek alleen verlang!
En ja, vanaand is Vrydag mos —
Ag, was ek nou op Stellenbosch!

- Ernst Schlengemann se suster, mev. Hedwig Anderson van Johannesburg, het vroeër vanjaar 'n versameling dokumente, foto's en ander materiaal oor hom aan sy Alma Mater geskenk. Dit word in die Manuskripte-afdeling in die J. S. Gericke-biblioteek bewaar. □

VAN ONS DONATEURS

Hierdie foto's is geneem waar donateurs self hulle skenkings oorhandig het

Mnr. W. P. Lubbe (regs), voorsitter van die United-bouvereniging se plaaslike direksie het namens die bouvereniging 'n jaarlikse skenking van termynaandele ter waarde van R5 650 aan die Rektor en Vise-Kanselier, prof. M. J. de Vries, oorhandig.

Saambou Nasionale Bouvereniging se jaarlikse skenking aan die Stellenbosch 2000-fonds is vanjaar deur mnr. L. O. A. Barth (regs), voorsitter van die Wes-Kaapse streekraad van die bouvereniging, aan prof. De Vries oorhandig.

Mnr J. Theron, streekhoofbestuurder van Volkskas, het namens die bank R2 500 aan prof. De Vries oorhandig vir 'n studenteleierskapseminaar wat op die kampus aangebied is. Agter is die registrateur, finansies, mnr. T. G. D. van Schalkwyk.

Jare gelede was die setperke op Stellenbosch se destydse gholfbaan (wat vandag Universiteitsterrein is) van swaar, blou gruis waarin 'n mens egte diamante kon optel. Hoe het dit daar gekom? Oud-Matie Gus Cluver, wat meer as vyftig jaar gelede in die Eikestad grootgeword het, het probeer vasstel

Sypaadjies van goud . . . en

DIAMANTE OP DIE GHOLFBAAN

Meer as vyf dekades gelede het ons op Stellenbosch lekker gholf gespeel — op diamante — en meer as drie dekades gelede het ons in sekere strate in Johannesburg ewe lekker geloop — op goud.

En dis g'n Münchhausen-versinsel nie.

In 1950, toe ek munisipale verslaggewer van *Die Vaderland* in Johannesburg was, het ek op 'n koue winteroggend by die kantoor van mnr. W. Pryce Rosser, die destydse adjunkstadsingenieur, ingestap.

Daar was nie veel nuus nie, maar ons het soos gewoonlik lekker gesels. Toevallig vra ek hom waarom die randstene in sekere strate in Doornfontein en Hospitaalheuwel verwyder word.

Hy verduidelik dat die ou rotsblokke met beton vervang word, "omdat", voeg hy ewe ongeërg by, "die rots na die raad se stampers gestuur word sodat die goud wat dit bevat, herwin kan word".

Ek het hom verstom aangestaar. Hoe kon goudhoudende rots ooit as strate se rantstene gebruik gewees het?

Hy vertel dat baie jare gelede toe die blokke daar aangebring is, dit nie as waardevol beskou is nie. Die metodes om goud te herwin, is intussen aansienlik verfyn. Die goudinhoud van die rots (wat uit die myne moes gekom het) is destyds te laag geag, "maar vandag is dit 'n totaal ander saak".

Dus, die ou romantiese beskrywing van Johannesburg as 'n stad met strate uitgelê in goud, is toe nie so 'n vergesogte stelling nie.

My storie het dieselfde dag in *Die Vaderland* verskyn en 'n ruk daarna was daar ook 'n paragraaf daaroor in *Reader's Digest*.

En nou wat Stellenbosch betref: Die dorp se eerste gholfbaan met sy beskeie nege putjies, is aan die begin van hierdie eeu uitgelê op 'n deel wat bekend gestaan het as "die vlakte". In hoofsaak was dit geleë tussen Banhoekweg in die suide en Jan Celliersstraat in die noorde.

Baie jare voor dit was hier 'n perderenbaan en in 1937 kon ek nog die vervalle pawiljoentjie aan die westekant identifiseer. Die voorkant het natuurlik oos gekyk.

Op 'n deel van die terrein wat deur die gholfbaan beslaan is, staan vandag die gebouekompleks van die Ingenieursfakulteit asmede geboue van die Fakulteit Bosbou.

Aan die oostelike deel is gelukkig 'n redelike stuk van die grond aan die natuur teruggegee. Dit staan bekend as die Duthie-natuurreservaat, paslik vernoem na dr. A. V. Duthie, 'n dosente aan ons universiteit wat veral naam gemaak het met haar omvattende navorsing in verband met die flora van die Stellenbosch-vlakte, waar sy nie minder nie as 744 inheemse plantsoorte gevind het.

Ewenwel, in 1901 is die Stellenbosse Gholfklub gestig, onder andere deur hoogleraars aan ons universiteit soos proff. J. T. Morrison en A. H. Mackenzie.

Die probleem destyds van die meeste gholfklubs in die winterreënvalgebied was om grassetperke tot stand te bring. 'n Tekort aan sowel geld as water het dit 'n haas onmoontlike taak gemaak.

Iemand het toe 'n oplossing bedink wat uitgevoer sou kon word mits iemand anders, met goeie vriende by De Beers se diamantmyne in Kimberley, die plan in werking kon stel en die koste daaraan verbonde dra.

En daardie iemand het na vore getree: In 'n onbekende jaar is 'n onbekende hoeveelheid kimberliet- of blougronduitskot bekom en die setperke is daarmee bedek.

Verskeie van ons kan goed onthou dat dit al voor 1920 daar was — miskien jare voor dit — en hoe ons as kinders dikwels "robyne" tussen die swartblou gruis op die setperke gaan soek het. Ons het altyd met 'n hele paar rooi-bruin steentjies huis toe gekom. Is daar iemand wat van dié steentjies gehou het?

Aanstons probeer ek raai wie moontlik vir "operasie blougrond" verantwoordelik kon gewees het, maar eers stel ek twee Oud-Maties aan die woord wat met groter kennis oor dié merkwaardige setperke kan praat.

Eerstens, my neef, dr. Albert Cluver. Hy is 75 jaar gelede op Stellenbosch gebore en het ook daar skoolgegaan. In die vroeë dertigerjare het hy aan ons universiteit die grade BSc en MSc in geologie en chemie en in 1952 die graad DSc in geologie verwerf. Ná 39 jaar in diens van Gold Fields of S.A. Ltd., het hy in 1970, as konsultantgeoloog van die groep, afgetree.

Hy herinner daaraan dat kimberliet, of te wel blougrond, in hoofsaak bestaan uit: ilmeniet, magnetiet, chroniet, perovskiet, sirkoon, spinel, kiamiet, apatiet, saffiere, granate en diamante — geen robyne nie.

Nadat die diamante herwin is, bly die res oor. Dit is die uitskot waarmee die setperke van die Stellenbosse gholfbaan in die een of ander stadium gedurende die eerste twee dekades van hierdie eeu bedek is.

Die uitskot was veronderstel om nie meer diamante te bevat nie, maar die proses in daardie vroeë jare gebruik, was nie so verfyn soos dit in later jare geword het nie. Gevolglik het die heel klein diamantjies agtergebly.

Die kimberliet-uitskot is uiteindelik so waardevol beskou dat die "weggooi"-hope daarvan van vooraf geprosesseer is om daardie klein diamant jies te herwin. Dus, die uitskot wat gebruik is vir die bedekking van Stellenbosch se setperk moes heelwat klein diamante bevat het — en ons het almal heerlik op daardie diamante gespeel.

Wat ons robyne genoem het en waarna in die omgang as "Cape rubies" verwys is, sê dr. Cluver, was in werklikheid granate. Die granate in die kimberliet-uitskot was klein en in die meeste gevalle van 'n nie baie goeie gehalte nie.

Die tweede Oud-Matie wat ek aan die woord stel, is dr. Frank van der Riet. Hy is 72 jaar gelede op Stellenbosch gebore en het ook sy skool- en universiteitsopleiding daar geniet, hoewel hy die doktorsgraad aan die Universiteit van Parys verwerf het. Hy was 35 jaar bibliotekaris van die Universiteit Rhodes.

Sy oudste suster, tans die 86-jarige mev. Frieda Winter van Barberton, het as jong dogter ook na "robyne" op die gholfbaan gesoek. Op 'n dag het sy 'n wit steentjie saam met haar "robyne" huis toe gebring.

Hul vader het een kyk na die steentjie gegee en dit laboratorium toe geneem om behoorlik te ondersoek. Geen twyfel nie — dit was jou werklikwaar 'n diamant!

En hul vader hon met gesag praat. Hy was die bekende professor B. de St. J. van der Riet wat in 1895 die eerste leerstoel in geologie en mineralogie aan ons universiteit blee het.

Oud-Maties drr. Albert Cluver (links) en Frank van der Riet, wat albei meer as sewentig jaar gelede op Stellenbosch gebore is en daar grootgeword en universiteit toe gegaan het. Hulle onthou nog die merkwaardige setperke op destyds se dorps-gholfbaan.

Hy het in 1940, ná 'n dienstermyn van 45 jaar, as hoogleraar in organiese chemie, afgetree.

(Interessantshalwe, mev. Frieda Winter se oorlede man, mnr. James Weston Winter, was 'n regstreekse afstammeling van Thomas Wynter wat in 1606 tereggestel is vir sy aandeel in die Guy Fawkes-komplot.)

Dr. Van der Riet sê toe hy in die vroeë vyftigerjare 'n kongres in Kimberley bygewoon en aan een van die mynbeamptes sy suster se diamant-storie vertel het, was die reaksie: "Dis seker waarom ons nie meer toelaat dat ons blougrond-uitskot vir jul gholfbaan gebruik word nie."

'n Setperk met kimberliet-bedekking moes heel anders benader word as die gewone grassetperk. Die naderhou moes eintlik 'n kaphou wees wat jy laag speel sodat die bal aan hardloop na die pen.

'n Hoë hou sou die bal op die setperk laat val. Van die harde oppervlakte onder die laag kimberliet sou dit van die setperk afspring, met rampspoedige gevolge vir die speler.

Beland jy op die kimberliet het jy gebruik gemaak van 'n skraper, tuisgemaak uit 'n paar stukkies plank. Dit was toelaatbaar om 'n "baan" tussen die bal en die putjie te skraap.

Stellenbosch se gholfspelers het toe die tegniek goed baasgeraak en dr. Cluver kan die dag onthou toe hy saam met prof. Mackenzie gespeel en by een van die setperke met 'n kolhou geslaag het.

'n Voordeel van die kimberliet was dat dit relatief swaar is en nie maklik deur die suidooswind weggewaai kon word nie.

Blykbaar is die setperke net een keer met kimberliet-uitskot bedek. Daar het dit met sy diamantjies en al bly lê tot etlike jare voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, toe dit deur gras vervang is.

Stellenbosch se nuwe gholfbaan, langs die pad na Somerset-Wes, is in 1951 in gebruik geneem.

Dr. Cluver meen dat die setperke van 'n paar ander gholfbane in die Boland ook destyds met kimberliet-uitskot bedek is — dié by Somerset-Wes en moontlik ook dié by Worcester.

Maar wie het die idee gekry en wie het vir die praktiese uitvoering daarvan betaal?

Die bibliotekaris by De Beers se hoofkantoor in Kimberley deel my mee dat sy nòg in hul eie biblioteek nòg in die Kimberleyse Africana-biblioteek enige verwysing na die vervoer van kimberliet na Bolandse gholfbane kon opspoor.

Die kimberliet is stellig per trein vervoer, moontlik in streepsakke om die hantering daarvan te vergemaklik. Wat Stellenbosch betref, is daar twee mense wat sterk verbintenisse met Kimberley se diamantmyne gehad het: die dorp en Universiteit se groot weldoener, mnr. Jannie Marais, en mnr. John X. Merriman, parlementslid en Kaaplandse eerste minister voor Uniewording.

Somerset-Wes se gholfbaan is waarskynlik in die eerste plek gestig vir die gerief van die mense wat by De Beers se dinamietfabriek werksaam was. Cecil Rhodes het dit in 1902 laat oprig.

Dit sou vir hom 'n nietigheid gewees het om te reël vir die vervoer van kimberliet-uitskot na Somerset-Wes en sommer ook na 'n paar ander Bolandse dorpe. □

IN MEMORIAM

***Matieland* het met leedwese verneem van die heengaan van die volgende Oud-Maties, Maties en andere wat 'n verbintenis met die Universiteit gehad het:**

Prof. D. J. (Dirk) Opperman (70), gevierde Afrikaanse digter, dramaturg en letterkundige, wat in 1979 ná twintig jaar as professor in die Afrikaanse letterkunde aan die US afgetree het.

Hy is op Dundee gebore, het grootgeword in Noord-Natal, onderbreek sy hoërskoolopleiding vir twee jaar om te boer, studeer in Pietermaritzburg waar hy BA en MA met onderskeiding verwerf en behaal in 1945 DLit aan die Universiteit van Kaapstad met die proefskrif *Digters van Dertig*.

Gedurende 1940-1959 was hy onderwyser aan die hoër skole Voortrekker (Pietermaritzburg) en Helpmekaar (Johannesburg), letterkundige redakteur van *Die Huisgenoot* en elf jaar dosent aan die UK.

Hy het die Hertzog- en die Hofmeyrprys vir letterkunde elk vier keer gewen, asook die Louis Luyt- en CNA-prys. Die Staatspresident se Dekorasie vir Voortreflike Diens is aan hom toegeken en vier universiteite (Stellenbosch, Kaapstad, Pretoria and Natal) het eredoktorsgrade aan hom verleen. Dié van Stellenbosch in 1976 was 'n buitengewone eer omdat dit aan hom as dienende professor toegeken is.

'n Aantal doktorale proefskrifte is oor sy digkuns gepubliseer. Verskeie jong digters het as sy studente aan die US begin naam maak en sy Letterkundige Laboratorium het wyd bekend geword.

Met 'n ernstige siekte in 1976 was hy lank in 'n koma, maar het wonderbaarlik herstel. In 1981 het hy 'n beroerte-aanval gehad waarna hy nie weer herstel het nie.

In 1977 het hy sy waardevolle letterkundige versameling van etlike duisende manuskripte, briewe en ander dokumente aan die Universiteit geskenk. Dit word vir navorsingsdoeleindes in die J. S. Gericke-biblioteek bewaar, wat ook beskik oor die volledige versameling van onder andere N. P. van Wyk Louw en W. E. G. Louw.

Prof. T. N. (Tobie) Hanekom (78), voormalige dekaan van teologie, wat van 1960 tot met sy aftrede in 1976 hoogleraar in die kerkgeskiedenis en kerkreg aan die Kweekskool was. Hy is in Noordwes-Kaapland gebore en het skoolgegaan op Kakamas. Op Stellenbosch was hy eerstejaar in 1927 en verwerf BA, MA in Latyn en BD. Ná sy legitimasie in 1934 studeer hy aan die Vrije Universiteit van Amsterdam.



Prof. D. J. Opperman

Prof. Hanekom was studenteleraar van die NG gemeente Stellenbosch-Sentraal gedurende 1937-1942 en daarna leraar van die Stellenbosse Moedergemeente tot 1946. Daarna was hy assistent-redakteur van *Die Kerkbode*.

Hy was die skrywer of redakteur van 'n aantal belangrike kerkgeskiedeniswerke. Onder sy oud-studente is bekende predikante en teoloë met leiersposisies in die kerk of aan verskeie universiteite. Sy oud-studente onthou hom as 'n waardige heer met 'n goeie humorsin. Hy was 'n geesdriftige sportliefhebber.

Ná prof. Hanekom se aftrede het die Universiteit sy unieke versameling van duisende boeke veral oor die kerkgeskiedenis en -reg vir die Kweekskoolbiblioteek bekom. Dit sluit in Europese werke wat meer as drie eeue oud is asook waardevolle Africana.

Dr. F. E. O'Brien Geldenhuys (71), bekende afgetrede predikant van Pretoria, is aan kanker oorlede. Hy was 'n Matie-eerstejaar in 1932, studeer naas die teologie ook in die regte en verwerf LLB (1938) en 'n doktorsgraad in die regsgeleerdheid (1945). Dr. Geldenhuys was predikant van Eloffsdal, Pietersburg, Malvern, Olifantsfontein, Pretoria-Oos en Universiteitsoord asook ekumeniese skakelbeampte van die NG Kerk en vanaf 1978 hoofuitvoerende beampte van die Algemene Sinode. Hy het in 1980 afgetree.

In sy 41 jaar as predikant was hy agtien jaar moderator van die Noord-Transvaalse Sinode en agt jaar Actuarius van die Algemene Sinode. Hy was die skrywer van *In die stroomversnellings* en was betrokke by *Ras, Volk en Nasie*, 'n NG Kerkbeleidstuk.

Prof. A. J. Louw (75) van Porterville, waar hy geboer het ná sy aftrede as professor in plantsiekteleer aan die US. Hy was 'n eerstejaarstudent in die landbouwetenskappe in 1927 en het 'n B-graad in 1930, 'n M-graad met lof in 1940 en DSc in 1946 verwerf.

Prof. Louw was vanaf 1938 verbonde aan die destydse WP Vrugtenavorsingstasie op Stellenbosch, waarvan hy assistent-direkteur was toe hy in 1954 as professor aan die US aangestel is. Hy het in 1970 afgetree.

Dr. N. B. Dreyer (92), wat aan die Victoria-kollege afgestudeer het voordat

hy hom vanaf 1915 in Londen, aan die Universiteit van Oxford en aan die Royal College of Surgeons in die geneeskunde verder bekwaam het. In 1923 het hy in München 'n oorspronklike ondersoek in die farmakologie gedoen waarmee hy bewys gelewer het dat hy 'n wêreldkenner op dié gebied was. Hy word dosent en op 36-jarige leeftyd professor in die farmakologie aan die Universiteit van Dalhousie in Halifax en later aan McGill-universiteit in Montreal, Kanada.

Sy bekendheid as wêreldkenner op die gebied van die eksperimentele farmakologie en die 42 artikels deur hom in mediese vaktydskrifte lei tot verskeie aanbiedinge van geneeskundefakulteite in die VSA. In 1952 word hy hoof van die departement farmakologie aan die Universiteit van Philadelphia, waar hy in 1957 afgetree het.

Dr. Dreyer keer daarna terug Suid-Afrika toe en doseer aan die universiteite van Stellenbosch en Kaapstad. Gedurende die laaste jare van sy lewe het hy in Oos-Kaapland op Adelaide en Fort Beaufort gewoon, waar hy in 1893 gebore is.

Oud-regter J. F. (Kowie) Marais (75), wat BA (1930) en LL.B. (1933) aan die US verwerf het. Hy was van 1955 tot 1975 'n regter in Transvaal. Ná sy aftrede het hy tot die politiek toegetree en was van 1977 tot 1982, toe hy weens gesondheidsprobleme bedank het, die Volksraadslid vir Johannesburg-Noord.

Mnr. D. B. Marais (60) van Pretoria, wat BA (1942) verwerf het. Hy was direkteur van landbou-inligting in die destydse Departement Landbou Tegniese Dienste en het baie bygedra tot die vestiging van onder meer die landbouradio- en oudiovisuele diens van dié departement. Die SA Misstofvereniging het hom hiervoor met 'n silwermedalje vereer.

Vir sy studie van neurofisiologie en die toepassing daarvan op die kommunikasieproses deur oudiovisuele tegnieke het hy internasionale erkenning gekry. Dié studie het gelei tot die ontwikkeling van die gesinchroniseerde bandskyfiestelsel wat beeld en klank gelyktydig oordra — 'n hulpmiddel waarvan 30 miljoen eenhede wêreldwyd gebruik word.

Mnr. P. C. Malan (90) en sy vrou, **mev. Rhoda Malan** (93), wat op Warmbad, Tvl., gewoon het, waar hulle vroeër vanjaar binne sewe weke ná mekar oorlede is. Hulle was 61 jaar getroud. Mev. Malan, dogter van die bekende "Oom Japie Home" van Stellenbosch, was in die Hoërskool Bloemhof se 1909-matriekklas, waarna sy aan die Victoria-kollege BA en 'n onderwysdiploma verwerf het. Sy was onder-



Prof. Tobie Hanekom

Oud-regter Kowie Marais

wyseres en later dosent aan die destydse onderwyserskollege op Robertson en die Denneoord-kollege op Stellenbosch. Ná haar huwelik met mnr. Malan het sy haar beywer vir die belange van minder bevoorregtes. In die dertigerjare dien sy in die hoofbestuur van die ACCVV, in die veertigerjare in die NCVV en in die vyftigerjare in the Transvaalse SAVF.

Mnr. Malan is gedurende 1917-1922 aan die US as regsgeleerde opgelei. Hy het eerstespan-rugby gespeel en drie jaar in die SR gedien, in 1922 as sekretaris. Nadat hy lank geboer het, tree hy tot die staatsdiens toe en tree af as hoofinspekteur van lande. Daarna dien hy nog twaalf jaar in die Transvaalse Landbouraad en as voorsitter van die Sentrale Landbouraad.

Mnr. De Wet Theron (75) afgetrede boer en bekende in wynkringe, wat lank op die wynlandgoed Montpellier by Tulbagh geboer het. Hy het 'n graad in die landbouwetenskappe in 1932 aan die US verwerf en was 'n brandewynkundige by die KWV voordat hy in 1945 begin boer het. Mnr. Theron was 'n direkteur van die KWV en vroeër lid van die Kwotaraad.

Dr. Johan le Roux (27), 'n lid van die niereenheid van die Tygerberghospitaal. In 1980 het hy as derdejaarstudent in die geneeskunde aan die US 'n nieroorplantingsoperasie ondergaan nadat hy 18 maande lank drie keer per week vir bloedsuiwering aan 'n niermasjien gekoppel moes word. Toe hy met die belofteplegtigheid aan die einde van 1983 sy studie voltooi het, is hy met die F. D. Rabe-medalje vir deursettingsvermoë vereer.

Mev. Martha Sophia Vorster (gebore Du Plessis) (80) van Pretoria. Sy het HPOD in 1925 verwerf en was daarna onderwyseres op Postmasburg tot 1934 toe sy getroud is met 'n bekende Oud-Matie, dr. P. W. Vorster. Hy is 'n afgetrede sekretaris van die Departement Landbou Tegniese Dienste.

Ds. G. R. van Rooyen (79) is in Augustus ná 'n lang siekbed oorlede. Hy was predikant op Ugie, Klipplaat en vir 21 jaar in die Gamtoosvallei. Ds. Van Rooyen was eerstejaar in 1926 en het in 1933 aan die Kweekskool afgestudeer.

Ds. J. C. C. Pauw (76), bekende sendeling, dosent en Bybelvertaler, is in Pretoria oorlede. Nadat hy in 1935 op Stellenbosch afgestudeer het, was hy in Noord-Rhodesië (tans Zambië) vir agtien jaar 'n sendeling op Kamoto, Madzimoyo, Nyanje en Fort Jameson. Vir sy bydrae op onderwysgebied is hy deur Brittanje met 'n MBE vereer.

In 1954 het hy sendeling van Oostelike Pretoria geword en in 1961 dosent aan die teologiese skool op Decoligny in Transkei. Gedurende 1967-1970 was hy sekretaris vir vertalings by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, waarna hy in Pretoria afgetree het.

Annette le Roux (57), dogter van oudmin. P. K. le Roux. Sy het BA (Maatskaplike Werk) in 1949 verwerf en was 'n Huis Divver en Matielentekoningin. Die afgelope jare het sy in Pretoria gewoon en enkele maande voor haar dood na Kaapstad verhuis. Sy is in Oktober ná 'n lang siekbed oorlede.

→

→

Mnr. P. D. du Toit (66) van Klipheuwel, Kenhardt. Hy het BA (1940) en SOD (1941) verwerf.

Mnr. T. B. Woolls (40), 'n werknemer van die Uraankorporasie in Pretoria. Hy het B.Mil. in 1967 verwerf.

Mej. Louise de Goede (26), wat ná 'n kort siekbed oorlede is. Sy het B.Prim. (1979) verwerf en was 'n inwoner van Monica.

Mnr. W. K. (Kolver) van der Spuy (43) van Piketberg. Hy het BEcon in 1971 verwerf.

Ds. C. H. Latsky (79), wat in 1926 eerstejaar was en in 1934 gelegitimeer is. Hy het in 1974 sy emeritaat aanvaar, nadat hy predikant op Beaufort-Wes, Alexandria, Bredasdorp en Parow-Oos was. Ná sy aftrede was hy hulpleraar in verskeie gemeentes, onder meer in Rondebosch.

Ds. E. G. D. Coetzee (65) van Bloubergstrand. Hy het 'n MCom-graad aan Unisa verwerf voordat hy in 1949 aan die US begin studeer het. Ds. Coetzee was vir baie jare predikant in die NG Gemeente Noorder-Paarl.

Mev. Annemarie Stander (44), vrou van die bekende Stellenbosse fotograaf, mnr. Johan Stander. Sy was 'n nooi Bekker en het HPOD (1961) aan die US verwerf.

Mnr. E. O. Peter (76) van Windhoek, wat gedurende 1928-1931 aan die US gestudeer het. Hy het BA en ZHSOD verwerf.

Mev. C. M. (Rina) Vermaak (72) van Klein-Brakrivier (BA 1933). Sy was 'n nooi Brunner. Mev. Vermaak het lank in die Strand gewoon en was 13 jaar voorsitster van die Kaapstadse VLV-sirkel.

Mev. M. O. Mackay (46), 'n nooi Gieseke, wat BA in 1958 en 'n honneursgraad in 1959 verwerf het. Sy was aan die RGN in Johannesburg verbonde.

Mnr. E. J. J. Basson (75) van Montagu, wat BCom in 1932 verwerf het.

Mnr. J. M. Grobler (76) an die Strand, wat BSc (1931) en SOD (1932) verwerf het.

Mnr. A. S. Viljoen (76) van die Strand. Hy het vanaf 1928 in die landbouwetenskappe op Stellenbosch gestudeer en het MSc in dié studierigting in 1933 verwerf.

Mnr. Viljoen was dosent in wynbou aan die Elsenburg-landboukollege tot 1938, waarna hy tot 1960 aan die destydse Vrugtenavorsingstasie op Worcester verbonde was. Tot met sy aftrede in 1938 was hy hoof van studente-opleiding op Elsenburg.

Mnr Gawie Fraser (22), 'n B.Sc. Agric.-student in sy finale jaar, is in November dood toe hy Stelleboschberg uitgeklim het. Sy ouers is mnr. en mev. C. L. Fraser van Middelburg, Tvl. □

BRIEWE van die LESERS

Helshoogte kry argief

Helshoogte het 'n lokaal met vertoonkaste en al ingerig as 'n argief — en nou word nog foto's, jaarblaaie en enige ander aandenkings, veral uit die vroeë dae van die koshuis se bestaan gesoek. Die name van almal op sulke foto's moet ook asseblief verskaf word.

Inligting oor die vroeë huiskomitees word ook gesoek, asook die name en adresse van al die oud-Helshoogtemanne. Skryf aan die primarius, Helshoogte, Stellenbosch, 7600. □

Maties in 1920 al onoorwonne

Mnr. A. P. A. Steyn (BSc Landbouwetenskappe, 1929 en SOD, 1931), Parys:

In die eerste uitgawe van *Matieland* vanjaar verskyn 'n artikel van mnr. Gus Cluver, waarin hy sê dat die eerste Intervarsity waar die Maties al vier die wedstryde gewen het, in 1926 was.

Toe ek op Stellenbosch op skool was, 14 jaar oud, in 1920, het die Maties al vier wedstryde in 'n Intervarsity gewen. Die uitslag was: 4de span (Maties 7, Ikeys 0); 3de span (Maties 14, Ikeys 0); 2de span (Maties 7, Ikeys 0); 1ste span (Maties 28, Ikeys 0).

Sover bekend is dit die enigste Intervarsity waar die Ikeys geen punte kon aanteken nie.

Ek voeg ook net by dat die Ikeys in 1927 op Nuweland ses uit die sewe wedstryde gewen het. Destyds het sewe spanne in die Intervarsity gespeel en dié dag kon die Maties net met die vierde span wen.

Die Maandag net ná die 1920-Intervarsity het *Die Burger* in groot swart letters op die voorblad gehad: DIE GROOTSTE INTERVARSITY NOG OOIT GEHOU! □

MOOISTE DORP DENKBAAR

Mnr. Cornelis de Jager (BA 1949, en BEd, 1965), Hermanus:

Hiermee 'n paar rand as hulpbydrae tot die drukkoste.

Soos alle Oud-Maties geniet ek *Matieland* terdeë. Dit plaas my in die gees terug in die akker en die mooiste dorp en milieu denkbaar. Ek belewe weer al die plekke waar ek klasgeloop het, geswot het, geloop, gewandel, geklim en beweeg het — alleen en nie alleen nie. Dit was aangenaam en die herinneringe sal altyd aangenaam wees.

Dit sal 'n droewe dag wees as ons pragblad dálk mag sneuwel. □



Bo: Attie Smuts as dirigent van die 1928-Intervarsity, by die Wigenhof-vlag.

Links: Oom Attie op die Jan Marais-plein. Agter hom, waar die Carnegie-gebou nou is, was die destydse Pawiljoenveld.

1928-Intervarsity se dirigent nog fiks op 84

Een van die Maties se oudste oud-Intervarsity-dirigente is op 84 nog so fiks dat hy kilometers ver gaan stap en self sy helderrooi motor honderde kilometers bestuur om vir sy kinders te gaan kuier. Mnr. Attie Smuts van die Strand, 1928 se dirigent, is ook een van die eerste twee Maties wat volkleure vir tennis verwerf het.

Tennis was eintlik sy groot liefde — hy het dié sport jare later nog geniet. Rugby het hy net gespeel om ná die oefeninge warm te kon stort, want dit was die jare toe Wilgenhof se berugte koue storte nog die Willows-manne se enigste manier was om skoon te kom, selfs in die winter.

Mnr. Smuts was ook primarius van dié koshuis en het in die SR gedien voordat hy in 1928 ná sewe jaar met 'n landbouwetenskappe-graad afgestudeer het. Toe word hy onderwyser, by die Oakdale-landbouskool op Riversdal — waar hy die merkwaardige prestasie behaal het om sy hele werksloopbaan deur te bring! Hy het daar begin toe die skool net 'n jaar oud was en het in 1964 as hoof afgetree nadat hy dit tot 'n bekende, gevestigde inrigting help opbou het. Reeds in 1931 het hy skoolhoof geword.

"Oom Attie" (soos hy alom bekend is) het op Riebeek-Wes grootgeword. Uit sy vroeë kinderdae onthou hy dat hy ses pennies sakgeld per week gekry het, eers op negejarige ouderdom vir die eerste keer kon skool toe gaan en dat hy Sondae die perde moes uitspan en koudlei wanneer sy pa op pad kerk toe op die plaas van 'n familielid, genl. J.C. Smuts se pa, stilgehou het.

Op universiteit het hy vir 'n Paarlse kleremaker pakke klere op bestelling geneem en as kommissie elke jaar self 'n pak present gekry. As Wilgenhof-primarius in 1928 hoef hy nie losies te betaal het nie, wat ook baie welkom was in dié jare kort voor die depressie.

Hy was Matie-tenniskaptein. In 1927 het sy span baie goed gevaar en hy en C. Potgieter (later onderwyser op Bredasdorp en nou reeds oorlede) speel toe vir die dorpspan wat die Groot Uitdaagbeker daardie jaar vir die eerste keer kon wen. Dié twee Maties was ook die eerstes wat volkleure vir tennis verwerf het, vertel mnr. Smuts. Hoewel hy deur die jare sy belangstelling in rugby behou het en 'n geesdriftige ondersteuner van die spel gebly het, het hy ná 1928 nog nooit weer 'n Intervasity bygewoon nie.

Dalk nooi die Invervarsity-komitee hom nog een of ander tyd om Intervarsity as eregas by te woon. Sover vasgestel kan word, is "Oom Attie" die tweedemees senior oud-dirigent. Net dr. J. C. J. (Fire) van Vuuren van Stellenbosch was voor mnr. Smuts dirigent, in 1926. Dr. Van Vuuren was ook in 1929 weer dirigent, met die laaste Intervarsity op die ou "Pawiljoenveld," voordat daar Coetzenburg toe verskuif is.

Die Maties het die 1928-Intervarsity, op Nuweland, ongelukkig verloor — "al het ons ons bes op die pawiljoen gedoen," sê mnr. Smuts. □

DIT WAS ANDER DAE ...

Die Kerkbode

Prof. Ben Marais, bekende Pretoriase teoloog, vertel van sy Stellenbosse studentedae, lank gelede. Hy was 12 jaar studenteleraar in Pretoria en Johannesburg, daarna 21 jaar teologie-professor aan die UP en ná sy aftrede is hy "in beseringstyd" die afgelope tien jaar aan Unisa verbonde.

As ek hier in die Noorde sit waarheen my pad gelei het direk na my studentedae op Stellenbosch (1928–36) sien ek nog op laat herfsmiddae die pieke helder vlam en dan stadigaan koud blou word. Dan praat iets in my en vergeet ek byna dat vyftig en meer jaar tussen my en Stellenbosch lê. Nou is my kleinkinders daar en dit lyk vir my dis nog vir hulle ook 'n wonderplek.

Ek sê dit was ander dae. Die depressie van die vroeë dertigerjare het alles oorheers. Dit kon net nie die gees onder ons studente demp nie. Miskien het dit juis die bande onder ons versterk. Ons was op eie vermaak aangewys. Veel kon ons nie koop nie. Lees maar Frans Venter se *Kambrookind* en u sal daardie tyd verstaan. Nie een van ons het eintlik geld gehad nie of ons ouers noual sewe plase besit het of bywoners was. Geld was skaars — baie skaars.

As jy 'n nooientjie uitneem, het sy geweet om die goedkoopste te bestel — en dit was 'n koppie koffie wat 'n tiekie gekos het in die ou Uitspan. Tee was vier pennies en dinge soos melkskommels was luukses waarvan nie eintlik gepraat is nie. 'n Ou vriend van my, wyle Chris Brink, 'n man met 'n goeie humorsin, het op 'n keer 'n nooientjie uitgeneem wat af en toe een van die "hoge dinge" bestel het. Toe die maats hom op 'n dag vra: "Maar wat het dan van daardie nooi van jou geword", was sy antwoord: "Nee man, sy was darem te swaar op die koffie!"

'n Foutjie

In daardie dae was vrugtesteel nog nie 'n openbare sonde nie. Ons in die koshuise het maar gereeld ons vrugte "gaan haal" en oom Wakkie Krige en ander se wingerde was bekende plekke. Ons het beurt gehou en twee of drie is met wasgoedsakke gewapen in die laat ure afgevaardig. Niemand het hom te veel daaraan gesteur nie en ons het lekker geëet.

Maar toe kom daar so teen 1932 'n foutjie. 'n Groepie Dagbrekers gaan toe landbouplaas toe en beland onder die proefakkers. Dit was groot sake. Ses of sewe van hulle is gearresteer en moes die nag in die tronk slaap. Hulle is die volgende môre uitgemarsjeer maar hulle name is op die kennisgewingbord van die Universiteit opgeplak weens 'n "ernstige misstap". Die misstap is nie genoem nie.

Daar was konsternasie onder die studente. Vir hulle was 'n "ernstige misstap" iets soos openbare dronkenskap of iets erger, maar nie "vrugtesteel" nie. Dit was maar vir die meeste van ons uit die binneland 'n soort van erkende "boeresport". Jy moes net nie gevang word nie. Ek was op die Studenteraad en ek onthou nog hoe heftig ons beswaar gemaak het, maar prof. Blommaert, die destydse rektor — 'n waardige man, maar 'n Belg — kon ons beswaar glad nie begryp nie. Vir hom was dit "'n ernstige vorm van vervreemding" van ander se eiendom. Ek skat hy was reg, maar daardie dae het ons nie só daaraan gedink nie.

Ek was 'n Wilgenhoffer en net langs ons koshuis het ou mnr. Rheeder gewoon, op die erf waar "Soete Inval" later gebou is. Hy het aan Wilgenhof se kant van sy tuin 'n paar lukwartbome gehad wat as't ware deur die Wilgenhoffers "oorgeneem" is. Op 'n dag het die oubaas 'n boodskap oorgestuur Wilgenhof toe: "Ek het nou nog 'n paar lukwartbome agter die huis — mag ek hulle vrugte maar afpluk?"

En dan was daar natuurlik "Juniordag!" Hoe so 'n instelling so lank deur die professore en Raad geduld is, slaan my nog dronk. Maar dit was die groot dag vir die tweedejaars. Weke vooruit is alles beplan. Die weer moes reg wees, die grootste moontlike aantal dosente moes klasse hê sodat 'n rekord-"vangs" gemaak kon word. Dié wat reeds bekend was daavoor dat hulle dreigend of gewoonlik betyds voortvlugtig was, is behoorlik beleër om seker te maak dat hulle nie "ontvlug" nie.

Vroeg die môre het die Juniorkomitee eers seker gemaak dat geen reën waarskynlik is nie. Dan eers is die teken gegee: "Dis die dag!" Soveel professore moontlik is "gevang" en na Coetzenburg gelei waar die klagtes en beskuldigings teen hulle optrede deur die jaar in die openbaar voorgelees is. Die wat gewild was en nie oortree het of "moeilik" was nie, is met 'n grappie losgelaat.

Ek onthou nog toe ons ou prof. N. J. Brummer, my filosofie-professor, gevang het, was ons — hoewel almal vermom — half verleë met die saak, totdat iemand 'n ingewing kry en sê: "Niklaas, Sokrates wag vir jou by die hek — hy wil met jou praat." Hy het ook nie gewag om Sokrates te woord te staan nie!

Geniepsiger

Natuurlik sou so 'n instelling êrens hand-uit ruk. En so is dit dan ook in die dertigerjare in die ban gedoen. Maar kleurvol was dit — in elk geval vir die studente. Dit was nog die dae van verenigings op die kampus — debatsverenigings, kultuurverenigings ens. ens. Baie buitesprekers het kom optree — manne soos C. J. Langenhoven, J. C. Smuts en baie ander. Ons het gewoonlik 'n dosent gevra om die spreker te bedank. Die einste prof. Brummer is dikwels vir dié doel genooi en het dit goed gedoen maar later jare al langer gepraat en al ge-

niepsiger in sy kritiek geword. Op 'n sekere aand het minister Oswald Pirow daar gepraat. Dit was seker nie een van sy beste toesprake ooit nie en toe prof. Brummer hom moes bedank was sy eerste woorde: "Daar was in die ou Griekse tyd ook 'n Pirow — ene Pyrrho — hy was ook nie 'n groot denker nie!" Dit was glo sy laaste bedanking!

Die dertigerjare was ook die jare van die "spellingstryd" in Afrikaans. Prof. J. J. Smith het die meer internasionale spellingvorm voorgestaan en prof. E. C. Pienaar die meer eie vorm. Ek was 'n M.A.-student in Afrikaans en redakteur van *Die Stellenbosse Student*. Hulle was albei my professore en albei het verwag dat sy spelling in die studenteblad gebruik moes word. Daar was sterk gevoelens. Ek het uiteindelik vir die meer verafrikaanste vorm gekies en ook nie sonder gevolge nie! Prof. Pienaar was 'n vurige Afrikaanse taalman. Daar was tog 'n tikkie humor by sy ywer. Op 'n dag het hy vertroulik aan 'n paar studente vertel dat hy nou Engels as "kombuistaal" het. Ons kon nie begryp nie totdat hy verduidelik dat hulle nuwe kombuisbediende net Engels ken en daar gevolglik nou net Engels in sy kombuis gepraat word!

'Bespring'

Ja, dit *was* ander dae. Dit ten laaste. Onder ons waardige ou professore was ou prof. Piet van Braam. Hy kon nooit 'n fiets bestyg nie maar het hom van agter af "bespring". En toe op 'n dag gebeur die ding. Die oubaas kom per fiets in Van Riebeekstraat af terwyl 'n student van Wilgenhof se kant in Van Ryneveldstraat afjaag. Op die hoek regoor die ou polisie bots hulle en die student lê hier en prof. Van Braam dáár. Die student was vlugvoetig en vanweë skrik of slegte maniere spring hy weer op sy fiets en jaag weg. Prof. Van Braam sien wat hy doen en roep hom toe: "Jonge man! Jonge man!" Maar dit help niks — hy jaag al verder weg. Dis toe dat die ou Hollandse heer met 'n waarskuwende vinger in sy rigting magteloos uitroep: "voorlopig 'n duisend donders!" (Net asof hierdie donders maar die begin van sy smarte sou wees!)

Nou voel ek beter! Mag die pieke lank saans pers brand . . .

Naskrif: Groete aan al die ou maats van daardie dae — Daantjie Craven, Daan Joubert, Charl Nel, Rooi Koos Smit, Bey Naude, die Lootse, Pieter Cilliers en al die oumas wat destyds ons nooientjies was — hulle sal onthou . . . □

Hokkiespan SA se beste

Die Maties se eerste vrouehokkiespan het vroeër vanjaar die Suid-Afrikaanse kampioen geword toe hulle die Allied-klubtoernooi in Bloemfontein gewen het. Boonop het die span al die ander kompetisies waarvoor hulle vanjaar ingeskryf het — die SA Universiteite-toernooi, WP Binnenshuise Hokkieliga en die WP-Veldhokkieliga ook gewen.

Die klub het ook geskiedenis gemaak deur al die ligas waarin deelgeneem is te wen, naamlik die Eerste-reserwe (Matie-derdespan), Vierdeliga (vyfde span) en Sesdeliga (sesde span).

Drie klublede, Sherylle Calder (binnenshuise en veldhokkie), Alison Croxford (binnenshuise hokkie) en Rennie Rose-Innes (veldhokkie), het vanjaar Springbokkleure gedra. Rennie Rose-Innes was ook die WP- en Springbokkaptein.

Altesaam 24 Maties het in provinsiale spanne gespeel — drie vir WP, 8 vir Skiereiland, tien vir die WP-o.21-span en drie vir die Nerina XI. □

Die eerste vrouehokkiespan, vanjaar se SA Kampioen. In die middel voor is mej J Wiese (derde van links) en mnr D Reid-Ross, die afrigter, mev K Smuts (klubvoorsitter) en die kapteine R Rose-Innes.

4 Oud-Maties Springbokke

Vier Oud-Maties, Leith Steward, Piet van Blerk en die broers Lindsay en David Reid-Ross, het vanjaar Springbok-manshokkie gespeel. Steward en Lindsay Reid-Ross was ook Springbok-kapteins, onderskeidelik van die veldhokkiespan na Europa en die binnenshuise span wat die besoekende Iere aangedurf het.

Die Springbokke het vroeg in die seisoen vyf toetse teen Ierland se binnenshuise span gespeel. Die reeks is gelykop beslis. In Europa was die Springbok-veldhokkiespan later vanjaar onoorwonne in al die klub-, provinsiale en toetswedstryde wat hulle gespeel het.

Van Blerk het vir OP gespeel. Die ander drie was in die WP-span, wat die Allied-interprovinsiale toernooi in Pretoria gewen het.

David Reid-Ross het as die Universiteit se heeltydse hokkie-afrigter ook gehelp bydra tot die Matie-manshokkiespan se sukses in die afgelope seisoen. Die Maties is die WP-ligawenners, het in Augustus ook die Barclays Bank-uitkloptoernooi gewen en is as die Klub van die Jaar in die WP aangewys. □

MATIES SE EERSTE NETBAL-BOK

Beverley Wait (22), is die eerste netbalspeelster in die geskiedenis van die Matie-netbalklub wat Springbokkleure verwerf het terwyl sy nog 'n student is. Sy is vroeër vanjaar gekies vir die Springbokspan wat twee toetse teen die besoekende Australiese span van Queensland gespeel het.

Beverley is 'n gebore Johannesburger wat as tienjarige in die laerskool begin netbal speel het en van standerd agt af in die Hoër Meisieskool Parktown se eerste span was. In matriek het sy die Suid-Transvaalse skolespan aangevoer en was die SA skolespan se onderkaptein.

Die Maties se bekendheid op sportgebied het die Engelssprekende meisie laat besluit om op Stellenbosch te studeer. Vanjaar was sy 'n honneursstudente in die Liggaamlike Opvoedkunde.

Sy speel die afgelope drie jaar in die Matie-eerstespan en sedert verlede jaar ook vir Boland A. Vanjaar het sy vir die derde keer SA Universiteitekleure verwerf, is al drie dié jare as die beste SAU-senter aangewys en was vanjaar SAU-kaptein. Verlede jaar was Beverley in die Suid-Toptien- en vanjaar in die SA Top-Tienspan.

Die Minnie Markötter-beurs — vir 'n Matie-vrouestudent wat onder meer op sportgebied presteer en leierskap openbaar — is twee keer aan haar toegeken.

Beverley beskou die Matie-afrigter mev. Hantie du Toit as die een wat die grootste invloed op die sukses van haar netballoopbaan gehad het.

Dié veelsydige sportvrou het ook in duik en gimnastiek gepresteer. Sy het vier jaar vir Suid-Transvaal en 'n jaar vir die WP geduik. Op laerskool het sy Suid-Transvaalkleure vir gimnastiek verwerf. □

Beverley Wait

Klub spog met baie prestasies

Vir die US-netbalklub is 1985 'n jaar van baie prestasies.

Van die agt spanne wat die klub vir die Boland-ligas ingeskryf het, het twee vir die Superliga gekwalifiseer en drie elk vir die eerste en tweede liga. Boland bestaan uit vyf ligas.

Die Matie-A-span het die Super-liga se Groot Uitdaagbeker gewen en die res van die Matie-spanne het so goed gevaar dat almal in hul onderskeie ligas aanbly. Die klub spog ook met die trofee vir die span met die minste doele teen hulle in die Super-liga.

By die Kampioen van Kampioenetoernooi — waar die Maties die ver-

→

Die Maties se eerste netbalspan met die bekers en trofeë wat hulle losgeslaan het. In die middel staan die Groot Uitdaagbeker en heel links die SAU-beker. Die span is, agter: Benita Nieuwoudt, Estelle Kruger, Karin van Wyk, Carine Ehlers en Annie le Roux. Voor: Karen Morkel, Jacolien Stassen, mev. Hantie du Toit (afrigter), Beverley Wait en Vanessa Wessels.

→

dedigende kampioen was — het hulle die eerste plek met Johannesburg-Wanderers gedeel. Hulle het vanjaar die SAU-toernooi vir die vierde jaar ná mekaar gewen en 254 doele aangeteken met slegs 86 teen hulle.

Talle lede en oud-lede van die klub het vanjaar gepresteer.

Op nasionale vlak is Oud-Matie L. Strydom as SA Netbalspeler van die Jaar aangewys. Springbokkleure is toegeken aan 'n huidige klublid, B. Wait, en drie oud-lede, D. Nel, L. Strydom en R. Bosch. V. Wessels en Oud-Matie S. Venter is vir die SA o.25-span gekies.

SAU-kleure is toegeken aan B. Wait (kaptein), V. Wessels, A. le Roux en J. Stassen. Die Maties het al drie die individuele toekennings op die SAU-toernooi ingepalm: V. Wessels (beste doel), B. Wait (beste senter) en A. le Roux (beste verdediging).

Die Boland-spanne wemel van Maties en Oud-Maties. In die Boland A-span was daar twee Maties (B. Wait en V. Wessels) en vier Oud-Maties (D. Nel, M. Mijburg, L. Strydom en S. Venter), in die B-span ses Maties en twee Oud-Maties en in die C-span vier Maties. In die Junior Boland A-span was vier Maties en in die Junior B-span sewe.

Baie oud-klublede is oral in die land in ander provinsiale spanne.

Die Maties beskik oor ses nasionale skeidsregters: Hantie du Toit en Sheila Foulkes (A-gradering), C. van der Merwe (B), B. Wait (C-plus) en J. Stassen en A. Wiid (C). Verder het die klub nege skeidsregters met 'n provinsiale Boland-gradering.

Die klub kan trots wees op sy huidige en oud-lede se prestasies. Die Maties lewer 'n belangrike bydrae tot netbal in Suid-Afrika. □

L.O. REËL REÜNIE

Die Departement Liggaamlike Opvoedkunde beplan 'n groot reünie van al sy oud-studente en -dosente op 20 en 21 Junie 1986 om die departement se vyftigste bestaansjaar te vier. Dit is die oudste LO-departement in die land.

Al die oud-dosente leef nog en byna almal word by die reünie verwag — insluitende die stigter-dosent, dr. Ernst Jokl, en sy vrou, Erica. Hulle bly in Amerika, waar hy professor in die geneeskunde is. Dr. Jokl het uit Wes-Berlyn (waar hy ook 'n ereprofessoraat beklee en tot onlangs weer drie maande klasgegee het) laat weet dat hulle graag die reünie wil bywoon.

Op 25 en 26 April bied die departement ook 'n opedagprogram as deel van die halfeeufeesviering aan. Die publiek kan dan sien hoe lyk die moderne LO-gebouekompleks wat in 1977 in gebruik geneem is en terselfdertyd 'n kykie kry in die opleiding- en navorsingswerk wat daar gedoen word. Skoolgroepe sal veral welkom wees.

Een van die dosente, die bekende sporthistorikus dr. Floris van der Merwe, skryf 'n feesbrosjure oor die departement. Dit word in September vrygestel.

Reëlings vir die reünie word gekoördineer deur 'n afgetrede dosent, dr. Hans van der Merwe. □

Bond van Oud-Dagbrekers

Die "Huis van Roem en Faam" het verlede jaar 'n Bond van Oud-Dagbrekers gestig, wat in September vanjaar sy eie klubkamer in die koshuis ingerig het. Dit bied 'n kuierplek vir die oud-Dagbrekers wanneer hulle die koshuis besoek.

Die gedagte om die bond te stig, het gekom van die huidige primarius, mnr. Tielman Roos.

Na raming het Dagbreek reeds sowat 8 000 inwoners gehad sedert dit in 1921 opgerig is. Die huiskomitee het die name en adresse van ongeveer 2 400, waarvan baie adresse verouderd is. Altesaam 340 oud-inwoners het reeds by die bond aangesluit.

Ledegeld vir die bond is R10 per jaar. Alle lede kry ook die koshuis se jaarblad, waarvoor hulle vrywillig bykomende bydraes kan stuur. Oud-Dagbrekers word ook gevra om foto's, publikasies en ander argiefstukke vir die koshuis se argief te skenk.

Navrae kan gerig word aan die sekretaris, Oud-Dagbreker-Bond, Dagbreek, Stellenbosch, 7600 (telefoonnommer 71002). □

Adresse, asseblief

Die Universiteit wil graag met alle Oud-Maties in verbinding bly. As u — of 'n ander Oud-Matie van wie u weet — nie *Matieland* kry nie, sal ons dit waardeer as u hierdie vorm invul en stuur aan:

Die Redakteur, Matieland, Universiteit, Stellenbosch, 7600

Titel en van: .....

Voorname: .....

.....

Nooiensvan: .....

Grade en/of diplomas aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, met jaartalle:

.....

.....

Grade en/of diplomas van ander universiteite (meld universiteit en jaartal):

.....

My ou adres vir *Matieland*: .....

.....

.....

***Matieland* moet aan my nuwe werkadres/woonadres gestuur word. (Haal deur wat nie van toepassing is nie.).**

My nuwe werkadres: .....

.....

.....

My nuwe woonadres: .....

.....

.....

CURRIEBEKER EINTLIK 'MATIES' S'N

Die Stellenbosch-Rugbyklub se 105de jaarvergadering op 9 Oktober was twee dae voor die klubvoorsitter, dr. Danie Craven, se 75ste verjaardag. Om "Dok" te vereer, het die US se rugby-ondersteunersklub, die Coetzenburgklub, ná die vergadering 'n koffiehuiskonsert getitel Kraven-kabaret aangebied. Dr. Craven is hier saam met die jaar se eerstespan-kapteins wat elk 'n belangrike trofee vashou: Jan Terblanche met die Lion-skild, Schalk Burger met die Groot Uitdaagbeker en André Markgraaf met die Stadsbeker.

Die Coetzenburgklub ken jaarliks beurse aan 'n aantal Maties toe. Dr. Craven is hier by vanjaar se beurswenners, P Venter, S Dercksen, M Werth, B Morse, C Hopkins, G van Heerden, E Dorman, T Neethling en C van Heerden.

Onder: Dr. Craven het 'n Rugbyklubdas en -baadjie oorhandig aan 'n beskermheer van die klub, prof. Hennie Rossouw, wat van die begin van 1985 af Vise-Rektor (Akademies) is. Links is die US-rugby-organiseerder, mnr Dawie Snyman.

Die Maties se rugbyklub spog met 'n buitengewone prestasie in die 1985-seisoen: Die hele WP-span wat die Curriebeker-eindstryd teen Noord-Transvaal op Nuweland gewen het, is Maties en Oud-Maties. En boonop is die afrigter, mnr Dawie Snyman, die spanbestuurder, mnr James Starke, en die voorsitter van die WP-unie, mnr Jan Pickard, ook almal Oud-Maties. Mnr Snyman is die Universiteit se rugby-organiseerder en mnr Pickard 'n US-Raadslid.

Dit was die eerste keer dat die klub dié unieke prestasie behaal het. Verlede jaar — toe die WP ook die Curriebeker verower het — was dit al amper — net een spanlid was toe nie 'n Matie of Oud-Matie nie.

Ander prestasies wat die klub die afgelope seisoen behaal het, was om die Lion-skild, Groot Uitdaagbeker en Stadsbeker in te palm.

Twee Maties en vyf oud-klublede het verder vir die Springbokke se binnelandse toer uitgedraf. Die klub lewer ook 'n enorme bydrae tot provinsiale rugby oral in die land — sover vasgestel kan word, het meer as vyftig oud-klublede dié seisoen in 'n sewentiental unies provinsiale kleure verwerf.

Die Maties in die Curriebeker-wenspan was Kobus Burger, Neil Burger, Hans Scriba, Freddie Ferreira, Henning van Aswegen, Hempies du Toit, Hennie Bekker, Gert Smal, Schalk Burger en (reserwe) Chris Smit. Die Oud-Maties was Calla Scholtz, Faffa Knoetze, Michael du Plessis, Shaun Povey, Rob Louw, Schalk Burger en reserwes Tjoppie Vorster, Bill Nieuwoudt en Clifton Pio.

Vir die Springbokke se binnelandse toer is Maties Gert Smal en Henning van Aswegen en Oud-maties Faffa Knoetze, Carel du Plessis, Calla Scholtz, Rob Louw en Schalk Burger gekies.

Nog vyf Maties en ses Oud-Maties het gedurende die seisoen vir die WP gespeel. Twaalf Oud-Maties het vir Boland uitgedraf en vier vir die SWD. Natal, die Vrystaat, Noordoos- en Noordwes-Kaap het elkeen drie Oud-Maties gehad; Transvaal, die OP, Griekwaland-Wes, Noord-Vrystaat en Suidwes-Afrika elk twee; en Noord-Natal, Oos-Transvaal, Wes-Transvaal, Laeveld en Grens elk een Oud-Matie. □

"As jy wil weet hoeveel Evkom vir die natuur omgee, vra die kransaasvoël."

Dr. John Ledger, Trust vir Bedreigde Natuurlewe.

Soos baie van ons land se inheemse voëls en diere is die kransaasvoël 'n bedreigde spesie.

'n Paar jaar gelede het dit aan die lig gekom dat kransaasvoëls in groot getalle doodgeskok word omdat hulle op torings van lewende kraglyne nesmaak of gaan sit. Dit het gereeld kragonderbrekings in sekere gebiede veroorsaak.

Om die probleem, wat oorspronklik tegnies van aard was, op te los, het Evkom se ingenieurs met 'n groep deskundiges beraadslaag oor die gedrag en gewoontes van die kransaasvoël.

Evkom het 'n Voëlnavorsingskomitee in die lewe geroep om voortdurend navorsingswerk oor die interaksie tussen voëls en kraglyne te doen. Dit was gebiedend noodsaaklik om enige verdere noodlottige ongelukke te voorkom, nie slegs onder kransaasvoëls nie, maar ook onder ander voëlspesies.

Dit was buite die kwessie om die kraglyne ondergronds te lê weens die enorme koste daaraan verbonde – dit word op honderde miljoene rand beraam. Wat nodig was, was die een of ander manier waarop die aasvoëls beskerm kon word.

Daar is besluit om gevaarlike toringontwerpe te vermy vir lyne in die gebiede waar aasvoëls voorkom. In kritieke gebiede is spesiale "sitstokke" op meer as 400 torings aangebring wat die situasie aansienlik verbeter het.

Meer onlangs is proefnemings met isolators gedoen in 'n poging om hierdie probleem finaal die nek in te slaan.

Die geredelike samewerking tussen Evkom en omgewingsbewuste groepe het een van die grootste gevare verwyder uit die lewe van die kransaasvoël – een van die natuur se mees majestueuse voëls.

Dit is een manier waarop Evkom probeer om die impak van sy aktiwiteite op die omgewing tot 'n minimum te beperk.

Vir verdere inligting, skryf aan die Skakelbeampte by Evkom, Posbus 1091, Johannesburg, 2000.

Van krag tot krag.

EVKOM • ESCOM

GREY-PHILLIPS, BUNTON, MUNDEL & BLAKE 75043

Rembrandt VAN RIJN
FILTER DE LUXE
TWINTIG · FILTER
REMBRANDT VAN RIJN
FILTER DE LUXE
Rembrandt
VAN RIJN
SUPERIOR MILD
20
SUPERIOR MILD
SUPERIOR MILD
Geniet die room van die oes
Rembrandt VAN RIJN
FILTER DE LUXE & SUPERIOR MILD
DIE
MEESTERSTUK

RVR294A